

*Mev Angie Motshekga, Minister van Basiese Onderwys*



*Mnr Enver Surty, Adjunkminister van Basiese Onderwys*

*Hierdie werkboeke is vir Suid-Afrika se kinders ontwikkel onder leiding van die Minister van Basiese Onderwys, mev Angie Motshekga, en die Adjunkminister van Basiese Onderwys, mnr Enver Surty.*

*Die Reënboog-werkboeke maak deel uit van 'n reeks intervensies deur die Departement van Basiese Onderwys met die doel om die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders in die eerste ses grade te verbeter. Hierdie projek is 'n prioriteit van die Regering se Plan-van-Aksie en moontlik gemaak deur die ruim befondsing van die Nasionale Tesourie. Die Departement is hierdeur in staat gestel om hierdie werkboeke gratis in al die amptelike tale te voorsien.*

*Ons hoop dat u as onderwyser hierdie werkboeke in u daaglikse onderrig nuttig sal vind en ook sal verseker dat u leerders die kurrikulum dek.*

*Al die aktiwiteite in die werkboeke het ikone om aan te dui wat die leerders moet doen.*

*Ons hoop van harte dat die leerders dit gaan geniet om deur die boeke te werk terwyl hulle leer en groei en dat u as onderwyser dit saam met hulle sal geniet.*

*Ons wens u en u leerders alle sukses in die gebruik van hierdie werkboeke toe.*






Rainbow WORKBOOKS

AFRIKAANS HOME LANGUAGE
GRADE 4 – BOOK 1
TERMS 1 & 2
ISBN 978-1-920458-39-3

**THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.**

AFRIKAANS HUISTAAL – Graad 4 Boek 1

ISBN 978-1-920458-39-3




# AFRIKAANS HUISTAAL

Graad 4

Boek 1
Kwartaal 1 & 2

Naam:

Klas:

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE JEUG VAN SUID-AFRIKA

## Gelykheid

Behandel elke persoon met gelykheid en billikheid. Moenie diskrimineer nie.



## Menswaardigheid

Respekteer almal. Wees vriendelik en gee om vir ander.



## Lewe

Alle lewe is kosbaar. Behandel alle lewe met respek.



## Gesin en familie

Eer en respekteer jou ouers. Wees vriendelik en lojaal teenoor jou gesin en familie.



## Onderwys

Woon die skool by, leer en werk hard. Gehoorsaam die skool se reëls.



## Werk

Help jou gesin met werk in die huis. Kinders mag nie gedwing word om buite die huis te werk nie.



## Vryheid en sekuriteit

Moenie ander mense seermaak, boelie of intimideer nie, en moenie toelaat dat ander dit doen nie. Besleg geskille op 'n vreedsame manier.



## Eiendom

Respekteer die eiendom van ander. Moenie eiendom beskadig nie, en moenie steel nie.



## Religie, oortuiging en menings

Respekteer die oortuigings en menings van ander.



## Veiligheid

Sorg vir die aarde. Moenie water of elektrisiteit vermors nie. Sorg vir diere en plante. Hou jou huis en gemeenskap skoon en veilig.



## Burgerskap

Wees 'n goeie, getroue burger van Suid-Afrika. Gehoorsaam die wette, en maak seker dat ander dit ook doen.




## Vryheid van uitdrukking

Moenie leuens en haat versprei nie. Moenie ander beledig of krenk nie.



Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Pretoria
South Africa

© Department of Basic Education
Third edition 2013

ISBN 978-1-920458-39-3

The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked, the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.

**This book may not be sold.**



Graad 4

Rainbow WORKBOOKS

# Huistaal in AFRIKAANS


1 Mense soos ek en jy ..... 2

2 Sport ..... 35

3 Dinge en plekke ..... 69

4 Ons omgewing ..... 103




Hierdie boek behoort aan: _____

AFRIKAANS

Boek 1

Datum:

# Die jong Nelson Mandela

## Ons praat

- Het jy al van Nelson Mandela gehoor?
- Watter ander beroemde mense ken jy?



## Ons lees

My naam is Nelson Mandela. Ek woon in Suid-Afrika, 'n baie mooi land aan die onderpunt van Afrika. Ek en jy woon albei in Suid-Afrika. Ek is op 18 Julie 1918 in die klein dorpie Mvezo in die Oos-Kaap gebore, dus is ek al 'n baie ou man. My pa was 'n stamhoof. Hy het my die naam Rolihlahla gegee, wat in isiXhosa "moeilikheidmaker" beteken.

Ek was nog baie jonk, omtrent 1 of 2, toe my gesin na Qunu verhuis het. Ek was baie gelukkig in Qunu. Terwyl ek grootgeword het, het ek my gesin se skape en bokke opgepas.

Ek het saam met my maats in die veld gespeel. Ons het in die riviere geswem en die soetste heuning geëet wat ons uit byekorwe gehaal het. Ek het altyd gesorg dat die bye my nie steek nie. Eendag het ek 'n donkie probeer ry en dit het baie goed gegaan tot die donkie my in 'n doringbos gegooi het!



Toe ek 7 word, het my pa my na die sendingskool gestuur. Ek was die eerste lid van my gesin wat skoolgegaan het. My pa was nooit op skool nie. Ons moes deftige klere skool toe dra, maar my gesin was te arm om skoolklere te koop. My pa het van sy ou broeke geneem en dit by die knieë afgesny. Omdat ek nie 'n gordel gehad het nie, het my pa 'n stuk tou gevat en dit by die middel deur die broek geryg. Tog was ek baie, baie trots daarop om daardie broek te dra.

Op skool het my onderwyser besluit om my Nelson te noem. Kan jy jou voorstel hoe dit voel

om 'n nuwe naam
te kry wanneer jy al 7 jaar oud is?

Ek was gelukkig by die skool en by die huis. My ma het altyd vir my baie stories van die ou dae vertel. Ek het baie uit haar stories geleer. Sy het my geleer om altyd goedhartig teenoor ander mense te wees. My pa het my geleer om dapper te wees en ek wou graag so dapper soos hy wees. Hy was my rolmodel. Ek het dikwels as in my hare ingevryf sodat dit grys kon lyk soos syne. Ek was lief vir my pa.

Ons skryf

Wanneer is Nelson Mandela gebore?

Watter soort speletjies het hy as kind gespeel?

Watter lesse het hy van sy ouers geleer?

Wat dink jy gaan volgende in Nelson Mandela se storie gebeur?

Ons skryf

Maak volsinne deur die woorde in die pienk blok met die korrekte woorde in die geel blok te verbind.

| | |
|---|---|
| Omdat ons te arm was om klere te koop | van goedhartigheid geleer. |
| Ek het by my ma | om dapper te wees. |
| My pa het my geleer | omdat ek soos my pa wou lyk. |
| Ek het partykeer as in my hare ingevryf | het my pa die pype van een van sy broeke afgesny. |



Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz

Datum:

# Nelson Mandela se storie

2

## Ons lees

Kort nadat ek 9 jaar oud geword het, het my lewe verander omdat my pa dood is. Ek moes my paar besittinkies oppak en saam met my ma na ons nuwe huis toe loop. Dit was vir my baie swaar om van Qunu weg te gaan. Ek het omgedraai en na ons huis gekyk en gedink aan die geluk wat ek agtergelaat het.



Ek het na die hutte en die mense gekyk wat met hulle werk voortgegaan het. Toe het ek na die stroompie gekyk waarin ek geplas en saam met die ander seuns gespeel het. Ek het my voorgestel dat ek nie meer met my maats sou kon speel nie. My oë het gerus op die drie hutte by my huis.
Ek het vertrek – maar ek kon my nie voorstel hoe my toekoms sou wees nie.

Ek het by oom Jongi in Mqhekezweni, 'n nabygeleë dorpie, gaan woon. Hy was my pa se beste vriend. Ek het Qunu en my familielede daar gemis, maar ek het 'n goeie lewe by oom Jongi gehad. Ek het met sy seun, Justice, gespeel en ons het baie pret gehad.
Ons het perdgery, in die tuin gewerk, in die groen velde gespeel en in die rivier geswem.
My oom het my soos sy eie kind laat voel.

Ek het na die skool gegaan wat naby oom Jongi se huis was. Toe ek 16 was, het oom Jongi my na die Clarkebury-skool gestuur. Net soos my pa, het my oom geglo opvoeding is baie belangrik.
Drie jaar later is ek na die Healdtown-hoërskool. Ek het op skool my bes gedoen en hard gewerk.
Toe ek my skoolopleiding voltooi het, is ek na die Universiteit van Fort Hare.
Ek was toe 21.

## Ons skryf

Skryf drie sinne oor die skole wat Nelson Mandela bygewoon het. Sluit af deur te noem na watter universiteit hy gegaan het. Begin die sinne met die woorde hieronder.

Eers, toe ek 7 was, _____.

Daarna, toe ek 16 was, _____.

Toe, op 19-jarige ouderdom, _____.

Uiteindelik, toe ek 21 was, _____.



Ons skryf

Vul in die blou helfte van die tabel die hoofgebeure van Nelson Mandela se kinderdae in. Vul daarna in die geel helfte 'n paar belangrike gebeure in jou eie lewe in.

| Ouderdom | Belangrike gebeure in Nelson Mandela se lewe |
|---|---|
| Gebore in 1918 | |
| Van omtrent 2 jaar | Hy het in Mvezo gewoon. Hy het in die veld gespeel. |
| 7 | |
| 9 | |
| 16 | |
| 19 | |
| 21 | |

| My ouderdom | Belangrike gebeure in my lewe |
|---|---|
| Gebore in | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |



Verander hierdie sinne van die teenwoordige tyd na die verlede tyd (dit het lank gelede gebeur). Skryf die sinne in die verlede tyd in jou klaswerkboek.

Ons skryf



| |
|---|
| 1) Nelson Mandela woon in Qunu. |
| 2) Hy woon by sy oorlede pa se beste vriend, oom Jongi. |
| 3) Hulle swem in die rivier en speel in die veld. |
| 4) Hulle huis staan in 'n dorp sonder strate tussen groen heuwels. |
| 5) Ons ry perd in die veld. |
| 6) My ma leer my om goedhartig te wees. |



Datum:

# Die plekke waar Nelson Mandela gewoon het

## Ons lees



As jong seun het ek in die dorpie Qunu gewoon. In ons dorp het ons skoon waterstroompies en groen heuwels gehad. Die skape, koeie en bokke het oral rondgeloop. Daar was nie strate nie, net voetpaaie. Ons het in drie modderhutte gewoon. Een het ons gebruik vir kosmaak, een om in te slaap en die ander een om ons goed in te bêre. Ons het ons water by die rivier gaan haal. My ma het kos gemaak in 'n driebeenpot. Ons het *umngqusho* geëet, wat van stampmielies en bone gemaak word, en ons het baie bok- en koeimelk gedrink.

## Ons doen

Lees weer die paragraaf oor die dorpie Qunu. Onderstreep die belangrike idees in die paragraaf. Teken nou 'n prentjie van Qunu.

## Ons lees

Toe ek ouer was, het ons Johannesburg toe getrek. Daar het ek in Alexandra gewoon (of Alex, soos dit sommer kortweg genoem word). Ek was verstom oor hoe groot Johannesburg was. Die lewe daar was baie anders. Die lug was swaar van die rook. Dit was gevaarlik om snags buite te loop. Die mense het in klein vierkantige huisies gewoon wat soos vuurhoutjiedosies lyk. Ons het nie elektrisiteit of kraanwater gehad nie.

Maar ek het van Alex gehou omdat die inwoners van oor die hele land soontoe gekom het. Hulle het almal verskillende tale gepraat. Party mense het isiZulu gepraat, ander weer Sesotho en Xitsonga. Hoewel Alex anders as die Oos-Kaap was, was ek gelukkig daar.

## Ons doen

Lees weer die paragraaf oor Alexandra. Onderstreep die belangrike idees in die paragraaf. Teken nou 'n prentjie wat lyk soos die beskrywing in die paragraaf.

Skryf nou twee sinne om jou tekening te beskryf.

## Ons praat

- Vertel vir jou maat hoe Qunu en Alex gelyk het.
- Vertel vir jou maat hoe die twee plekke verskil het.

## Ons doen

Teken 'n prentjie van die plek waar jy bly.

Skryf nou twee sinne om jou tekening te beskryf.

Datum:

# Dankie, Madiba

Ons skryf

Nelson Mandela het al baie gedoen om kinders soos jy te help. Hy het baie skole en hospitale vir kinders gebou. Hy gee om vir kinders wat nie ouers het nie of wat baie siek is.








Skryf vir Nelson Mandela 'n kaartjie om hom te bedank vir wat hy gedoen het om Suid-Afrika se kinders te help.

Teken buite-op die kaartjie 'n prentjie van iets uit sy kinderdae.
Skryf dan aan die binnekant 'n spesiale dankieboodskap aan hom.

Dankie





## Ons skryf

Verander hierdie sinne van toe (verlede tyd) na nou (teenwoordige tyd).
Skryf die sinne in die teenwoordige tyd netjies in jou klaswerkboek.

1) Ek het in die dorp skoolgegaan.

2) Ons het in die rivier geswem.

3) Die seun het op 'n donkie gery.

4) Ons het in die hutte op matte geslaap.

## Vir die pret

Wie gaan eerste by die huis kom? Skiet 'n muntstuk op. As jy kop kry, mag jy 2 blokke vorentoe beweeg. As dit munt is, mag jy net een blok nader aan die huis beweeg. Die een wat eerste by die huis kom, is die wenner. Wanneer jy op 'n woord land, moet jy dit lees.




Teacher
Date:
Sign:



Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz

Datum:

# Gee om vir ons omgewing

## Ons praat

Ons hou almal daarvan om in 'n gesonde omgewing te woon.

- Is daar naby jou woonplek gebiede wat vuil is? Is daar 'n rivier wat skoongemaak moet word of 'n plek waar daar baie afval lê?
- Wat kan gedoen word om jou omgewing skoner te maak?
- Wat kan jy self doen?



## Ons lees

Vandag lees Jannie 'n interessante koerantartikel.

# Kindernuus

25 Mei 2013

Die tienjarige Omar Castilo kla dat Meksikostad 'n baie besoedelde plek is. Hy lei vandag 'n protesoptog. Omtrent 2 000 kinders sal saam met hom marsjeer. Hy dra 'n banier waarop daar staan: "Moenie die reënwoud vernietig nie!" want hy het gehoor die woud gaan uitgekap word.

Omar was baie kwaad hieroor. Hy het gesê hy het nog altyd gewens hy kan eendag na die woud toe gaan en hy weet woude help om ons lug skoon te hou.

Hy het sy bes gedoen om die woud te red. Hy het selfs 'n brief aan die President van Meksiko geskryf, maar die President het nie geantwoord nie. Omar het nog vier briewe geskryf. Maar nog steeds het die President nie teruggeskryf nie.



Verlede week het Omar drie hemde, sy tandeborsel en 'n bietjie kos in sy skooltassie gepak. Toe het hy sy ouers wakker gemaak en hulle vertel hy gaan die woud red. Omar se pa het hom probeer keer. "Die woud is 1 400 km van hier af en dit is **gevaarlik**! Jy kan nie gaan nie." Maar Omar het klaar besluit. "Ek wil hê die **oerwoud** moet nog daar wees wanneer ek groot is," het hy gesê. "Ek wil hê al die diere moet ook nog daar wees."

## Ons praat

- Oor wie handel hierdie storie?
- Hoekom gee hy om vir die reënwoud?
- Waarom was sy pa ongelukkig toe Omar na die woud toe wou loop?

## Ons skryf

Pas die woorde by die prentjies. Skryf die woorde dan in alfabetiese volgorde in jou woordeboek, wat heel agter in hierdie werkboek is.

oerwoud

besoedel

gevaarlik

protesteer













Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz

Datum:

# Ons werk saam om die omgewing te bewaar

## Ons skryf

| |
|---|
| Hoe het Omar daaroor gevoel dat mense die bome wil afkap? |
| |
| Waarom dink jy het hy so gevoel? |
| |
| Waarom dink jy het die President van Meksiko nie sy briewe beantwoord nie? |
| |
| Hoe weet ons dat Omar vir die woud omgegee het?<br>Skryf 2 sinne wat vir ons vertel dat hy omgegee het. |
| |
| |
| Skryf 2 sinne oor die dinge waarvoor jy omgee. |
| |
| |

## Ons skryf

Verbind hierdie sinne. Gebruik **en** en **maar**.
Skryf die volledige sin oor in jou klaswerkboek.

| | | |
|---|---|---|
| Meksikostad is baie groot | | dit is baie vuil. |
| Jannie het die *Kindernuus* gelees | | hy het van Omar gelees. |
| Omar het 4 briewe aan die President geskryf | | hy het nie 'n antwoord gekry nie. |
| Hy het sy hemde ingepak | | hy het nie lekkers ingepak nie. |
| Hy het baie ver geloop | | hy was baie moeg. |

## Ons skryf

Omkring die woorde wat dieselfde klink as die eerste woord het.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| raas | kas | plaas | blaas | mark |
| hande | bonte | bande | krans | wande |
| kraag | boeg | laag | saag | soog |
| vier | haar | hier | hoor | bier |
| ver | veer | ster | skêr | veg |

## Ons skryf

Vul **was** of **is** in.



Omar _____ vandag bly dat hy die protes gereël het, want die woud is gered.

Hy _____ nog maar klein toe wou hy al die woud sien.

Omar _____ baie hartseer en kwaad toe hy hoor mense wil die woud uitkap.

Die woude _____ nou belangriker as ooit vir ons omdat die lug so besoedel is.

Die reis _____ gevaarlik. Hy moes baie ver stap.

Datum:

# Bewaring van die reënwoude

## Ons lees




Reënwoude groei in al die warm, vogtige dele van die wêreld. Daar woon baie diere in die woude en daar groei baie plante. Maar in al die lande van die wêreld roei mense deesdae die woude uit.

Wanneer 'n woud vernietig word, verdwyn baie diere en plante vir altyd. As die reënwoud verdwyn, verander die klimaat. Naby die reënwoud word dit droër, en stadigaan sal die klimaat van die hele wêreld, insluitende dié van Suid-Afrika, ook verander.

## Ons skryf

Skryf drie dinge neer wat sal gebeur wanneer 'n reënwoud afgekap word.

| | |
|---|---|
| 1 | |
| 2 | |
| 3 | |

## Ons skryf

Lees elke sin. Indien jy dink dit is waar, skryf W (vir waar) langsaan. Indien jy dink dit is onwaar, skryf O (vir onwaar) langsaan.

| | W of O |
|---|---|
| Omar het lekkergoed ingepak. | O |
| Omar het die hele ent tot by die reënwoud geloop. | |
| Daar woon honderde verskillende diere in die reënwoud. | |
| Die President het op Omar se briewe geantwoord. | |
| As ons die reënwoud afkap, sal die klimaat verander. | |



## Ons skryf

Ons gee vir jou die antwoorde en jy skryf die vrae. Gebruik **waar**, **wie** en **wat**. Onthou van die vraagtekens. Skryf hierdie vrae in jou klaswerkboek.

| | |
|---|---|
| Die reënwoud is in Limpopo. | Waar is die reënwoud? |
| Baie diere woon in die reënwoud. | Wat |
| Verskillende plante groei in die reënwoud. | Wat |
| Mense kap die reënwoude af. | Wie |



## Ons skryf

Skryf jou eie koerantartikel oor hoe ons die omgewing kan bewaar.

*Naam van koerant*

*Titel van artikel*

*Skryf jou nuus hier.*



Datum:

# Reënwoude en die klimaat

Ons skryf

Trek 'n streep onder die woord wat dieselfde beteken as die **vetgedrukte** woord.

| | |
|---|---|
| Dit is **sleg** om reënwoude uit te roei. | Dit is nadelig om reënwoude uit te roei. |
| Omar was **hartseer** toe mense die reënwoude afgekap het. | Omar was ongelukkig toe mense die reënwoude afgekap het |
| Omar wou nie hê die plante en diere in die reënwoud moet **uitgeroei** word nie. | Omar wou nie hê die plante en diere in die reënwoud moet sterf nie. |
| Reënwoude is **belangrik** vir ons klimaat. | Reënwoude is noodsaaklik vir ons klimaat. |

Ons skryf

Voltooi die brief wat Omar vir die President geskryf het.
Vul die ontbrekende woorde in.
Gebruik woorde uit die kassie.

**wat daar groei**

**klimaat sal ook verander**

**om die woud te red**

**die bome af te kap**

**wat daar woon**

Geagte Meneer die President

Help my asseblief. Ek het op TV gesien dat
mense besig is om _____in ons laaste reënwoud.
Ek is baie bekommerd hieroor.

Wat sal gebeur as ons al die bome afkap? Die diere _____sal doodgaan.
Die plante _____sal uitsterf.

Die grond sal hard word en wanneer dit reën, sal die water net oor die grond spoel.
Die klimaat daar sal verander.

Die _____in die res van die wêreld.

Help my asseblief _____.

Die uwe
Omar

## Ons skryf

Vul die regte leestekens in hierdie sinne in.

| |
|---|
| Omar wou die insekte ☐ diere ☐ bome en blomme red ☐ |
| Sal jy saam met my na die reënwoud toe gaan ☐ |
| Hy het geroep ☐ "Julle moenie die bome afkap nie ☐ " |
| Hy het gesê ☐ ☐ Kom asseblief saam met my ☐ Pa ☐ ☐ |

## Vir die pret

Wat is hulle? Lees die definisies van die verskillende soorte diere. Kyk na die prentjies en sê watter soort dier elkeen is.

| | | |
|---|---|---|
| **Soogdiere**<br>**Hulle het hare en voed hul kleintjies met melk.** | **Visse**<br>**Visse lewe in water en haal met kiewe asem.** | **Voëls**<br>**Voëls het vlerke, vere en bekke. Die meeste van hulle kan vlieg.** |
| **Amfibieë**<br>**Aan die begin van hul lewe, lewe hulle in water en later lewe hulle op land.** | **Reptiele**<br>**Reptiele het skubbe en lê eiers.** | |



Wenk: Dolfyne en walvisse is soogdiere.



Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz

Datum:

# Gestremde mense

## Ons praat

- Wat beteken dit as iemand gestrem is?
- Ken jy iemand wat gestrem is?
- Watter soort dinge kan daardie persoon nie doen nie?
- Hoe voel jy en jou maats oor gestremde mense?



## Ons lees

My naam is Santjie Solomon. Ek is 11 jaar oud en is serebraal gestrem. Ek kan nie my arms of bene behoorlik beweeg nie, en wanneer ek êrens heen wil gaan, gebruik ek my rolstoel.

Ek woon op die Kaapse Vlakte, wat ver van my skool af is. Ek moet soggens vieruur opstaan, want die bus laai my sesuur op. Elke oggend moet iemand my help om aan te trek, my tande en hare te borsel, my ontbyt te eet en my skooltas te pak.

Ek is mal oor rekenaars en ek het selfs 'n spesiale muis wat my help om op die rekenaar te skryf. Ek hou ook van balspeletjies. In plaas daarvan dat ek rondhardloop, beweeg ek rond terwyl ek in my rolstoel sit.

Die een ding wat my hartseer maak, is dat party kinders dink mense soos ek is dom omdat ons nie behoorlik kan loop of ons hande behoorlik kan gebruik nie. Maar ons is nie dom nie. Ek is baie intelligent, en wanneer ek klaar is met my skoolopleiding wil ek leer om 'n ouditeur te word.



## Ons praat

- Oor wie handel die storie?
- Wat maak Santjie anders as ander mense?
- Wat wil sy word wanneer sy die skool verlaat?
- Wat maak haar hartseer?



## Ons skryf

Verbind die onderstreepte woorde in elke sin met die korrekte woord aan die regterkant.
Skryf die woorde in jou woordeboek.

| | |
|---|---|
| Santjie beweeg rond in 'n stoel met wiele. | intelligent |
| Sy gaan skool toe in 'n groot voertuig. | rolstoel |
| Santjie leer baie vinnig nuwe dinge. | bus |

*Selfstandige naamwoorde is die name van dinge, mense en plekke. Ons gebruik altyd 'n hoofletter vir die name van plekke en mense, en ons noem hulle eiename. Ons skryf nie die name van dinge met 'n hoofletter nie.*

## Ons skryf

Herskryf al die woorde wat met 'n hoofletter behoort te begin.



| | | | |
|---|---|---|---|
| santjie | boom | skool | pretoria |
| | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| mev ntuli | blom | tafel | onderwyseres |
| | | | |

| | |
|---|---|
| suid-afrika | meksiko |
| | |



## Ons skryf

Trek 'n streep van die afkortings links na die volledige woorde regs.

| | |
|---|---|
| str | voormiddag |
| h/v | Augustus |
| Aug | hoek van |
| Sep/Sept | September |
| vm | straat |







Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz

Datum:

# Santjie se dag

Beantwoord die vrae in volsinne.



Ons skryf

| |
|---|
| Waar woon Santjie? |
| |
| Wat maak Santjie hartseer? |
| |



Ons skryf

Voeg die regte sinsdele bymekaar om 'n sin te maak.
Gebruik **en**, **maar** en **omdat**.

| | |
|---|---|
| Santjie is net soos ek en jy | sy kan nie haar hande behoorlik gebruik nie. |
| Sy gaan per bus skool toe | sy wil 'n ouditeur word wanneer sy klaar is met haar skoolopleiding. |
| Sy word hartseer wanneer mense vir haar lag | sy staan baie vroeg op om die bus te haal. |
| Santjie is baie intelligent | sy nie kan loop nie. |



Ons skryf

Voltooi hierdie sinne.
Vul **hy**, **sy** of **hulle** in.
Onthou om hoofletters te gebruik waar nodig.



Santjie is elf jaar oud. ___ het serebrale verlamming.

___ woon op die Kaapse Vlakte en ___ is bly om skool toe te kan gaan.

Sy en haar maats is lief vir rekenaars. ___ gebruik dit vir skoolwerk, nie vir speletjies nie.

Daar is baie soorte gestremde mense. ___ word hartseer as ander mense ___ nie respekteer nie.

Santjie se oom is 'n skrynwerker. ___ maak die mooiste meubels van hout.

Santjie is 'n boekwurm. ___ is mal oor lees.

## Ons praat

- Is jy 'n boekwurm? Geniet jy dit om te lees?
  Gesels oor 'n boek wat jy regtig geniet het.
- Vertel jou maats waarom jy dink hulle die boek behoort te lees.

## Ons skryf

Skryf oor die boek wat jy geniet het.
Vul die inligting in wat op die buiteblad staan.

Teken die buiteblad.

Titel

Skrywer




Skryf 3 sinne oor waaroor die boek handel.



Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz

Datum:

# Hoe ons kan help

## Ons lees

Oral in die wêreld is daar jongmense soos jy wat mense help wat hulp nodig het. Lees hieronder van 'n paar kinders wat ander mense en diere help.

### Elfjarige Jabu

Jabu werk vir die DBV. Hy help elke naweek om rondloperhonde en -katte kos te gee.

Hy en sy maats hou daarvan om vir diere te sorg totdat hulle huise kry.



### Twaalfjarige Annatjie

Annatjie het by die Rooi Kruis aangesluit. Sy leer hoe om noodhulp toe te pas op mense wat seergekry het.
Sy wil graag by sportbyeenkomste help en sy sal altyd saam met 'n volwassene werk.



### Elfjarige Santjie

Santjie is baie goed met rekenaars. Gedurende die rekenaarperiode wys sy jonger kinders hoe om 'n rekenaar te gebrui. Hulle leer baie by haar.



### Twintigjarige Bongi

Maandae help Bongi haar onderwyser om die kinders op te pas wat in die middag by die nasorg bly. Sy help toesien dat die kinders hul huiswerk doen. Sy lees vir die kinders en pas hulle op terwyl hulle speel.





**Ons skryf** Vul nou die tabel in:

| Naam | Ouderdom | Wanneer help hy of sy? | Wat doen hy of sy? |
|---|---|---|---|
| Jabu | 11 | Saterdae en Sondae | Hy voer die diere. |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

Skryf 3 sinne oor wat jy kan doen om te help.

| |
|---|
| |
| |
| |



**Ons skryf**

Hier is 'n paar eienskappe waarna mense in 'n vriend/vriendin soek.
Hoe belangrik is die dinge vir jou? Gee elkeen 'n nommer van 1 tot 10.
Begin by 1 vir die belangrikste eienskap en gee 10 vir die onbelangrikste een.

| | |
|---|---|
| aantreklik | |
| sterk | |
| vet | |
| mooi klere | |
| ryk | |

| | |
|---|---|
| goedhartig | |
| intelligent | |
| lag maklik | |
| goed in sport | |
| maer | |



**Vir die pret** Doen hierdie woordsomme.

strooi + hoed = strooihoed

pot + brood = _____

reën + woud = _____

sleutel + gat = _____

werk + bank = _____





Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz

Datum:

# Ons moet almal ons tyd bestuur



Ons skryf

Maak 'n spinnekopkaart om te wys hoe jy jou dag deurbring.
Vul die oop spasies in.
Gebruik party van die woorde hieronder.





My dag









| | | | |
|---|---|---|---|
| skool | skoolvakke | pouse | troeteldiere |
| fliek/TV | onderwysers | huiswerk | sport |



Ons skryf

Skryf nou vyf sinne oor hoe jy 'n weeksdag deurbring.
Gebruik die aantekeninge in jou spinnekopkaart.



## Ons skryf

Trek in elke sin 'n streep onder die woord wat dieselfde betekenis het as die **vetgedrukte** woord.
Ons het die eerste een vir jou gedoen.

| |
|---|
| Ek **respekteer** my onderwysers en ek sien op na die skoolhoof. |
| In die winter is dit baie **koud** in Kaapstad en huil 'n ysige wind om die hoeke. |
| Ek is **gelukkig** en my maats is ook opgeruimd. |
| Ek is **uitstekend** met somme en ek is 'n briljante swemmer. |
| Santjie gaan ouditkunde **bestudeer** en sy gaan ook wiskunde leer. |

## Vir die pret

Vul hierdie tydlyn in en begin met die jaar waarin jy gebore is.
Stel dan jou toekoms vir jou voor en vul al die groot oomblikke van jou lewe in.

| Gebore | Ek was gebore in 20___ |
|---|---|
| 20___ | |
| 2010 | |
| 2020 | |
| 2030 | |
| 2040 | |
| 2050 | |
| 2060 | |









Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz

Datum:

# 'n Tweeling

## Ons praat

- Hoe sou jy daarvan hou om presies soos jou suster of broer te lyk?
- Dink jy dit is maklik of moeilik om 'n tweeling in die gesin te hê? Gee jou redes.





## Ons lees

Marie en Wilna is 'n identiese tweeling. Hulle woon in Port Elizabeth. Hulle is gebore op 29 Februarie 2000 en is in Graad 4. Marie en Wilna doen alles saam. Hulle is in dieselfde klas en hulle dra dieselfde blou denims. Hulle het dieselfde krullerige, bruin hare en hulle lyk dieselfde. Albei is ewe parmantig. Wanneer mense nie weet wie is wie nie, laat dit hulle lag.

Die onderwysers ken hulle nie uitmekaar nie. Dis vir hulle te heerlik en dit laat die hele klas lag. Selfs hulle pa sukkel partykeer om te sê wie is wie. Maar nie hulle ma nie. Sy weet altyd of dit Marie of Wilna is, al probeer die tweetjies haar verwar. Die tweeling het 'n ouer suster wat met 'n waatlemoenboer getroud is. Sy kan haar sussies nie uitmekaar ken nie en is al so verward dat sy moed opgegee het. Sy probeer nie eens raai nie.

Nadat hulle een oggend 'n gesonde ontbyt geëet het, vra hulle pa hulle om verskillend aan te trek sodat hy hulle kan onderskei. "Nee!" sê die tweeling. "Ons hou daarvan om dieselfde te lyk. Ons het baie pret wanneer mense nie weet wie is wie nie! En buitendien, ons weet wie ons is, en is dit nie die belangrikste nie? Kan ons nie liewers praat oor ons uitstappie plaas toe om vir Thandi in Limpopo te gaan kuier nie? Sy het gesê sy sien uit na ons kuier en ons is mal oor waatlemoen."

## Ons praat

- Oor wie handel die storie?
- Waarom dink jy kan mense nie tussen Marie en Wilna onderskei nie ?
- Hoe voel die tweeling daaroor dat mense nooit weet wie is wie nie?
- Ken jy enige tweelinge? Indien wel, vertel vir die klas van hulle.

## Ons skryf

Rangskik die woorde in alfabetiese volgorde. Nommer elke kolom van 1 tot 5.
Skryf die woorde in jou woordeboek.

| | | |
|---|---|---|
| ___ lewe | ___ meelsak | ___ twee |
| ___ lummel | ___ mak | ___ terg |
| ___ lyk | ___ moet | ___ taak |
| ___ lank | ___ Maandag | ___ toets |
| ___ lelik | ___ mynwerker | ___ trou |

## Ons skryf

Kies die regte woord.

| |
|---|
| Weet jy wie/wat op die swartbord geteken het? |
| Dis die nuwe kind in die klas wie/wat dit gedoen het. |
| Wie/wat kan die tweeling uitken? |
| Ek weet nie wie/wat behalwe hulle ma dit kan doen nie. |
| Wie/wat probeer nie eens meer om die tweeling te onderskei nie?<br>Dis hulle suster Thandi wie/wat nie eens meer probeer nie. |

Wie en wat?
Weet jy wie?
Weet jy vir wie?
Is dit die kinders wat ...?
Dis die man wat ...
Ja, dis daardie twee vir wie ...
Ek weet nie wie ... nie.
Ek weet wie ...
Ja, dit is die kinders wat ...



Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz

Datum:

# Oor eners wees en verskillend wees



## Ons praat

- Wat is 'n identiese tweeling?
- Hoe oud is Marie en Wilna?
- Hoeveel dae het Februarie gewoonlik?
- Waarom is die geboortedatum van die tweeling so spesiaal?
- As jy vir Marie en Wilna geken het, met watter een sou jy maats gemaak het? Hoekom sê jy so?
- Sou jy daarvan gehou het om een van 'n tweeling te wees? Hoekom?



## Ons skryf

Vul die beskrywende woorde in.



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| verskillende | parmantige | identiese | blou | gesonde |

Die tweeling het dieselfde klere gedra. Selfs hulle

_____ denims was dieselfde.

Die _____ tweeling het

daarvan gehou om in dieselfde klas te wees.

Die _____ tweeling het

dikwels by die skool in groot moeilikheid gekom.

Baie tweelinge is nie dieselfde nie; hulle is heeltemal

_____ mense.

Die gesin eet gewoonlik graankos en vrugte vir ontbyt – 'n baie

_____ manier om die dag te begin.



## Ons skryf

Verander die sinne van **toe** na **nou**.
Begin elke sin met **vandag**.
Skryf die volledige sinne in jou klaswerkboek.

| |
|---|
| Die kinders was stout. |
| Vandag |
| Die tweeling wou vir hul suster op die plaas gaan kuier. |
| Vandag |
| Marie en Wilna het per bus skool toe gegaan. |
| Vandag |
| Hulle pa het gesê hulle moet verskillende klere dra. |
| Vandag |



## Ons skryf

Herskryf hierdie paragraaf.
Vul die hoofletters, kommas en punte in.



die tweeling wilna en marie is in 2000 in port elizabeth gebore hulle was 'n identiese tweeling hulle het in die oos-kaap grootgeword en het daar skoolgegaan hulle het dieselfde klere gedra dieselfde haarstyl gehad en van dieselfde maats gehou hulle het dikwels op hulle suster se plaas in limpopo vakansie gaan hou.



Datum:

# Die plaaslewe



## Ons skryf

Skryf 'n brief aan jou maat oor 'n vakansie wat jy op 'n plaas deurgebring het.





Skryf jou adres hier .....

.....

.....

.....

Skryf die datum hier .....



Liewe Bongi







..... Skryf jou slot hier

..... Skryf jou naam hier



## Ons skryf

Omkring die regte woord.

| |
|---|
| Dis die mense op wie/wat se plaas die tweelingwaatlemoen gegroei het. |
| Dis Thandi wie/wat vir die familielede die waatlemoen gewys het. |
| Dis nie ek wie/wat 'n hap uit die waatlemoen geneem het nie! |
| Daar stap die boer wie/wat die kampioenwaatlemoen gekweek het. |

## Ons skryf

Pas die prentjies by die woorde.

| |
|---|
| Waatlemoene groei goed in sanderige grond en 'n warm klimaat.<br>Jy het baie plek nodig om waatlemoene te plant. |
| Bedek die beddings met strooi om die grond koel en vogtig te hou. |
| Gooi die rye nat sodat die grond vogtig bly. |
| Jou waatlemoen is gereed om gepluk te word indien dit hol klink wanneer jy daarop tik. |









Datum:

# Voorbereiding vir die skryf van jou boek



Ons skryf

Berei jou voor om jou eie storie te skryf.
Vul jou idees op die geheuekaart in.



## Idee vir die inleiding



## Waaroor handel die storie?

## Idee vir die middel van jou storie

## Hoe sal jy jou storie afsluit?

Skryf nou jou storie op 'n stuk papier. Vra jou maat om dit vir jou te korrigeer. Knip nou die volgende bladsy uit. Vou die papier op die lyne. Vul die voorste bladsy in en begin dan jou storie in die boek skryf.

AGTERBLAD




## OOR DIE SKRYWER

Skryf jou naam

Jou ouderdom

Waar jy woon

8

Stap 4. Knip op die soliede lyn nadat jy jou boek vasgekram het.

BUITEBLAD

Teken hier 'n prentjie.

Skryf die titel van die boek hier.

Vul jou naam in (jy is die skrywer).

1

Stap 1. Vou op die stippellyn

STAP 2. Vou op die stippellyn

STAP 3. Kram aan hierdie kant.

Teken hier 'n prentjie.

Skryf die middel van jou storie hier.

4

Teken hier 'n prentjie.

Gaan hiervoort met jou storie.

5

Teken hier 'n prentjie.

Begin jou storie hier skryf.

2

Teken hier 'n prentjie.

Eindig jou storie.

7

Teken hier 'n prentjie.

Gaan hier voort met jou storie.

3

Teken hier 'n prentjie.

Skryf wat gebeur aan die einde van jou storie.

6



# 2


























# Karate

Datum:

## Ons praat

Kyk na die prentjies en praat oor wat jy sien.

- Aan watter sportsoorte neem hierdie kinders deel?
- Watter soort reëls is daar vir elkeen van hierdie sportsoorte?
- Dink jy dit is belangrik vir kinders om te leer om hulleself te verdedig? Waarom?










## Ons lees

### Sipho se storie



Ek het die eerste keer karate begin doen toe ek slegs nege jaar oud was. My broer het my saamgeneem om karate te gaan kyk in die kerksaal in Oos-Londen in die Oos-Kaap, en ek het gedink ek sou daarvan hou. Dadelik het ek by die klub aangesluit.

Ek het uitgeblink daarin en het baie kampioenskappe gewen. Onlangs het ek aan die onder-45 kg- en onder-55 kg-kompetisies deelgeneem. Ek het albei gewen, maar dit was baie moeilik. Die meeste van die seuns in die onder-55 kg-kompetisie was ouer en groter as ek maar ek hulle almal gewen. Karate het my geleer om myself en ander mense te beskerm.





Dit het my ook geleer om nie 'n bakleiery te begin nie. Sipho werk baie hard om fiks te bly. Hy hardloop elke dag 5 km. Hy doen baie oefeninge, wat hy in 'n biblioteekboek gekry het.

Sipho wil Suid-Afrika in die Wêreldkarate-kampioenskap verteenwoordig. Maar hy wil eers sy karatevaardighede verbeter deur Japan toe te gaan vir opleiding.



## Ons skryf

Lees die storie oor Sipho en beantwoord dan die vrae.

## Ons praat



- Oor wie handel hierdie storie?
- Aan watter sport neem hy deel?
- Sou jy graag karate wou doen? Gee jou redes.
- Dink jy 'n mens moet hard oefen om karate te kan doen? Hoekom?

| In watter stad woon Sipho? |
|---|
| |
| |
| **Hoe weet ons dat Sipho uitblink in karate?** |
| |
| |
| **Hoe bly Sipho fiks?** |
| |
| |
| **Waarom wil Sipho Japan toe gaan vir opleiding?** |
| |
| |





Datum:

# Sipho wen die kampioenskap



## Ons skryf

Verbind die sinne. Gebruik **en**, **maar** of **want**.
Skryf hierdie sinne korrek in jou klaswerkboek.

1) My broer het my saamgeneem om te kyk hoe die kinders karate doen. Ek het besluit om by die klub aan te sluit.

2) Ek het uitgeblink in karate. Ek het baie kampioenskappe gewen.

3) Party van die seuns was groter as ek. Ek het hulle gewen.

4) Sipho blink uit in karate. Hy oefen lang ure.

5) Karate leer my om myself te beskerm. Ek sal nooit 'n bakleiery begin nie.



## Ons lees

Lees Sipho se dagboek vir vandag.

Liewe Dagboek



Ek het vandag teen Jabulani Smith meegeding. Ek was baie bang. Ek het verlede nag nie baie geslaap nie want ek het die hele nag gedink oor hoe moeilik dit gaan wees. Jabu is baie ouer as ek. Hy is ook baie groter!

Ek was doodbang toe ek in die saal instap en ek het skoenlappers in my maag gevoel. My hart het so hard geklop dat ek gedink het almal kan dit hoor.
My bene was soos jellie.

Toe ek die medalje wen, het ek gevoel asof ek vlerke het. Ek was so gelukkig.

Sipho





## Ons skryf

Maak vir jouself 'n dagboekinskrywing. Skryf oor 'n keer toe jy bang was.

## Ons skryf

Meervoude word gebruik as daar meer as een van 'n ding is. Vul die korrekte meervoud vir elkeen van die enkelvoudige selfstandige naamwoorde in.



| Een (enkelvoud) | Meer as een (meervoud) |
|---|---|
| seun | seuns |
| oefening | |
| biblioteek | |
| hemp | |
| kampioenskap | |

## Ons skryf

Vul **was** of **het** in.



Sipho _____ begin karate doen toe hy nege jaar oud _____.

Hy _____ uitgeblink in karate en _____ baie gevegte gewen.

Baie van die seuns teen wie hy geveg _____, _____ ouer en groter as Sipho.

Baie van die gevegte _____ moeilik maar Sipho _____ nogtans gewen.



Datum:

# Sipho sorteer die boelies uit

## Ons lees









## Ons praat

Praat oor hierdie vrae in jou groep.

- Waarom is dit verkeerd as 'n groot seun die meisies se springtou by hulle afneem?
- Ken jy enige boelies?
- Wat kan jy doen wanneer iemand jou boelie?
- Wat dink jy het Sipho vir die groot seun gesê? Skryf jou sin in die leë praatborrel.

## Ons skryf

Skryf een sin oor elk van die prentjies.



## Ons skryf

Vul die beste woord in.

| karate | broer | kampioenskap | medalje | seuns | maats |
|---|---|---|---|---|---|

My naam is Sipho. Ek is taamlik klein. Partykeer begin groter _____ my uitlok vir 'n geveg. My _____ het my altyd gehelp, maar ek wou myself verdedig. Daarom het ek saam met my _____ gegaan om _____ te leer. Ek wou kyk of ek daarvan hou. Ek het dit geniet. Dit was wonderlik. Ek het begin lesse neem en het uitgevind dat ek myself kan verdedig wanneer groot seuns met my moeilikheid soek. Ek kon ook my _____ help. Na 'n paar maande het ek vir 'n groot _____ ingeskryf. Ek het 'n _____ gewen.





## Ons skryf

Verander die sinne van **toe** na **nou**. Gebruik hierdie woorde om jou te help. Ons het vir jou 'n voorbeeld gedoen.

| |
|---|
| Karate het my gehelp om myself te beskerm. |
| Karate help my om myself te beskerm. |
| Sipho se broer het hom saamgeneem om na karate te gaan kyk. |
| |
| Sipho het van karate gehou. |
| |
| Sipho het baie gevegte gewen. |
| |



Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz



Datum:

# Nog inligting oor karate



Ons skryf

Vul die woorde in wat vir ons meer omtrent die werkwoorde vertel. Skryf die woorde in jou woordeboek.

Werkwoorde is die doenwoorde.

| | | | |
|---|---|---|---|
| dapper | regverdig | gereeld | vroeg |

My broer het my geleer hoe om _____ te veg.

Ons het altyd _____ by die wedstryde opgedaag.

Ons het almal _____ in ons wedstryde geveg.

Ek het my karatelesse _____ bygewoon.





Ons skryf

Nommer hierdie sinne in die regte volgorde.

| | |
|---|---|
| | Uiteindelik kon ek myself en my maats help. |
| | Toe het ek 'n paar groot kompetisies gewen. |
| | My broer het my van karate vertel. |
| | Eers het ek vir karateklasse ingeskryf. |
| | Ek was baie klein en kon nie myself beskerm nie. |
| | Na 'n paar maande het ek daarin uitgeblink. |





## Ons skryf

Pas die sinne by die prentjies.
Skryf die korrekte sin in die praatborrels.

1. Ek hou baie van my nuwe karretjie. Dankie, Mamma.
2. Kom ons vat sy karretjie. Ons kan hom laat huil!
3. Daardie karatelesse het regtig gehelp!







Skryf 'n paragraaf oor wat jy in die prentjies sien.

## Vir die pret

Soek die tien verskille tussen hierdie twee prentjies.
Omkring hulle. Vertel dan vir jou maat hoe die eerste prentjie van die tweede prentjie verskil.

Teacher
Date:
Sign:







Datum:

# Kenia se berghardlopers



## Ons praat

Kyk na die prentjies in die storie en sê waaroor jy dink die storie handel.

- Waarom dink jy is dit belangrik vir atlete om hard te oefen?
- Het jy geweet atlete moet spesiale kos eet? Waarom dink jy is dit nodig?



## Ons lees



### Kenia se berghardlopers

Josef Kibor kom van Kenia af. Toe hy jonk was, het hy twee waardevolle goed besit. Die een was 'n bok. Die ander was dat hy lang afstande baie vinnig kon draf.

In 1988 moes Josef 'n opoffering maak. Hy wou aan die proewe deelneem waartydens die span gekies sou word wat sy land sou verteenwoordig. Maar die proewe is in Nairobi gehou en Josef het nie geld gehad om soontoe te reis nie. Arme Josef moes sy bok verkoop om geld te kry om Nairobi toe te gaan.

Hy het die wedloop oor 10 000 meter kaalvoet en in sy verflenterde kortbroek gehardloop. Hy het derde gekom.

Deesdae wen atlete uit Kenia meer langafstandwedlope as hardlopers van enige ander land. Waarom het Kenia soveel goeie atlete?



Party wetenskaplikes glo dat hardlopers wat in die berge grootword, langer kan hardloop sonder om moeg te word omdat daar in die berge minder suurstof is. Dit beteken hulle harte moet harder werk en dit maak hul hartspiere sterker.







Ander wetenskaplikes dink hulle hardloop so goed omdat hulle dieet baie gesonde voedsel insluit soos mielies, bone, groente en vleis.

Maar die ding wat Keniane dalk die meeste help, is hul houding jeens hardloop. Soos een Keniaanse atleet gesê het: "As jy nie vandag wen nie, sal jy beslis môre wen. En vir dié wat nie wen nie, is daar die bevrediging om 'n spanmaat te sien wen."





## Ons praat

- Oor wie handel die storie?
- Aan watter sportsoort neem hulle deel?
- Sou jy graag aan atletiek wou deelneem? Sê waarom.
- Watter sport doen jy by die skool? Sê waarom jy daaraan deelneem.



## Ons skryf

Skryf die woorde wat rym in die blokkies onder elke woord.

| bok | son | vleis | skool |
|---|---|---|---|
| | | | |

kok  kuier  huis  reis  ton  kool  rok  som









pronk  krys  neut  sjiffon  rot  nooit  vlies  viool





Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz



Datum:

# Josef die groot atleet



Ons skryf

| In watter land woon Josef? |
|---|
| |
| Waarom was sy talent vir hardloop waardevol? |
| |
| Waarom was Josef se bok waardevol? |
| |
| Watter drie dinge maak die Keniaanse hardlopers die beste langafstandatlete in die wêreld? Die drie dinge is: |
| 1. |
| 2. |
| 3. |



Ons skryf

Mense skryf in hul dagboeke oor hul geheime gevoelens. Verbeel jou jy is Josef. Skryf oor jou gevoelens op die dag toe jy jou bok verkoop het.

Liewe Dagboek

Vandag moes ek 'n baie moeilike ding doen.





## Ons skryf

Onderstreep die voorsetsels in elk van hierdie sinne.

Voorsetsels is woorde wat vir ons sê waar dinge is.

| |
|---|
| Daar is geen motors in die Keniaanse berge nie. |
| Die kinders loop elke dag teen die berge op en weer af. |
| Die bok lê onder die boom. |
| Josef het die bok mark toe geneem. |



## Ons skryf

Vul nou die voorsetsels in die sinne hieronder in.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| in | op | oor | onder | af | op |

Hardlopers word fiks wanneer hulle gereeld _____

en _____ teen die heuwels hardloop.

Kinders staan vroeg _____ om skool toe te gaan.

Daar woon baie goeie atlete _____ die bergland van Kenia.

Spring _____ die stroompie sodat jou voete nie nat

word nie.

Josef het _____ 'n brug deur gehardloop op pad lughawe toe.



Datum:

# Josef maak 'n gesonde groentesop

Ons lees

Josef maak gesonde groentesop vir homself.

## Groentesop

**Wat jy nodig het**

**3 eetlepels olie**
**1 ui**
**3 geelwortels**
**½ koppie droë bone**
**2 teelepels sout**
**1 liter water**



**Wat jy moet doen**

**Week die bone oornag.**
**Gooi die water van die bone af voordat jy hulle kook.**
**Skil die wortels af en sny hulle in skyfies.**
**Kap die ui.**
**Gooi die olie in die kastrol.**
**Braai die ui en wortels.**
**Voeg die bone, 'n liter vars water en sout by en kook die bone tot hulle sag is.**

**Eet en geniet.**

Ons skryf



Watter groente het Josef gebruik om sy sop te maak?

Hoeveel teelepels sout het hy gebruik?

Hoeveel olie het hy gebruik?



## Ons skryf

Kyk na die resep. Vul dan die korrekte woord in elkeen van hierdie sinne in. Skryf hierdie woorde in jou woordeboek.

| week | braai | kook | sny | kap |
|---|---|---|---|---|

_____ die ui.

_____ die droë bone.

_____ die geelwortels.

_____ die sop.

_____ die ui in klein stukkies.



## Ons skryf

Skryf 'n resep vir iets wat jy kan maak.



**Resep vir**

**Wat ek nodig het**

**Wat ek moet doen**



# Nog meer oor Josef

Datum:

## Ons praat

- Vertel vir jou maat hoe om Josef se sop te maak.
- Skryf dan neer wat jy moet doen.
- Skryf jou sinne in die korrekte volgorde.

## Ons skryf

| |
|---|
| Eers moet jy |
| Dan sal jy |
| Volgende |
| Dan |
| Laastens moet jy |

## Ons skryf

Josef wil vir sy broer 'n brief skryf oor sy besoek aan Nairobi. Help hom om dit te skryf. Gebruik hierdie woorde om jou te help.

| | | | |
|---|---|---|---|
| my bok | kaalvoet | gister | lughawe |
| Liefde | verflenterde kortbroek | ek het derde gekom | Liewe |
| vir Kenia | terugkoop | die 3 000 m-wedloop | |

_____ Paul

Ek het _____ in Nairobi aangekom. Die _____ was baie groot en ek was 'n bietjie bang. Ek was ook opgewonde.

Vanoggend het ek _____ gehardloop. Dit was nogal moeilik vir my. Al die ander atlete het ordentlike hardloopskoene aangehad.

Ek moes _____ hardloop en in my _____ en geskeurde T-hemp.

Die wonderlike ding is: _____! Dit beteken dat ek _____ gaan hardloop.

Dit was die moeite werd om _____ te verkoop. As ek goed vaar en geld verdien, kan ek hom dalk _____.

_____

Josef



## Vir die pret

Skryf 'n kaartjie waarin jy iemand gelukwens wat in sport of op skool presteer het. Skryf 'n spesiale boodskap voor op die kaartjie. Probeer 'n kunstige handskrif gebruik. Skryf dan 'n spesiale gelukwensing binne-in.

Teacher

Date:

Sign:



Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz



Datum:

# Swem



## Ons praat

Kyk na die kennisgewing hieronder.

- Wat is 'n kennisgewing?
- Wanneer word kennisgewings gebruik?
- Waarom moet kinders 'n bandjie of vlerkies aanhê as hulle nie kan swem nie?
- Waarom word die kinders gevra om by die swembad te stap en nie te hardloop nie?



**KENNISGEWING**

**ALLE KINDERS**

**Sit asseblief 'n band of vlerkies aan indien jy nie kan swem nie.**

**Maak seker jy is saam met 'n volwassene.**

**Loop altyd stadig op die rand van die swembad. Moenie hardloop nie.**







## Ons lees

### Sink of swem

Swoesj! Theresa spring in die koel, helder water in. Sy gaan af, en af, en verder af, tot haar voete die rivier se bodem raak. Toe gee sy 'n sterk skop en skiet weer vinnig boontoe. Toe sy uit die water kom, trek sy die lug diep in haar longe in en swem na die oorkant toe.

Kan jy swem? Swem kan groot pret wees, veral op 'n warm dag. Maar dit kan ook baie gevaarlik wees. Daar verdrink elke jaar baie mense in die see en in riviere, mere en swembaddens.





Selfs iemand wat kan swem, kan in die moeilikheid beland as sy nie versigtig is nie. Onthou dat ons, anders as eende, nie gebore swemmers is nie. Ons moet leer swem.

Hier is 'n paar wenke om jou te help om kop bo water te hou:

Kies jou swemplek versigtig. Swem altyd in helder water. Pas op vir stukkende bottels en blikkies. Vermy rotse en boomwortels.

Moet nooit alleen swem nie. As jy dalk 'n kramp in jou been kry, sal dit vir jou moeilik wees om op jou eie uit die water te kom.

Bly uit die water uit as daar 'n donderstorm is. Die water trek weerlig aan.

As jy ontdek jy kan nie die bodem raak nie en jy is in die moeilikheid, moenie jou arms wild swaai en om hulp skree nie. Dryf op jou rug en haal stadig asem.

Indien daar baie mense in die water is, moet jy oppas dat iemand wat groter as jy is jou nie vasdruk nie. Wees versigtig om nie op iemand te trap of mense om te stoot nie.

Swem kan pret wees as jy versigtig is!

## Ons praat

- Waaroor handel die storie?
- Waarom behoort ons versigtig te wees wanneer ons in 'n rivier swem?
- Kan jy swem? Indien nie, sou jy graag wou leer? Waarom?
- Waarom is dit belangrik om nooit alleen te swem nie?

## Ons skryf

Rangskik die woorde in alfabetiese volgorde. Nommer elke kolom van 1 tot 3. Skryf die wooorde in jou woordeboek.

| | | |
|---|---|---|
| ___ red | ___ sjoe | ___ swem |
| ___ rot | ___ sjokolade | ___ son |
| ___ rat | ___ sypel | ___ saag |



Datum:

# Veilige swemgewoontes

Ons skryf

Lees die storie weer en skryf dan drie dinge neer wat ons moet doen om veilig te wees wanneer ons in die water is.



| |
|---|
| 1. |
| 2. |
| 3. |

Wat beteken die woord "wenk" in die storie?

a) 'n stukkie raad
b) om iemand met die hand te roep
c) die rye haartjies bokant jou oog

Wat beteken dit "om kop bo water te hou"?

a) om vars lug in te asem
b) om uit te kom met die geld wat jy het
c) om uit die moeilikheid te bly



Wat kan eende van kleins af doen?

| |
|---|
| |
| |

Ons skryf

Pas die woord by die regte geluid.

| A |
|---|
| donderweer |
| blare |
| water |
| wind |
| vuur |

| B |
|---|
| klots |
| loei |
| knetter |
| ritsel |
| knal |





## Ons skryf

Vul die woorde in die sinne hieronder in.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| oor | onder | in | in | op |

Dit is nie 'n goeie idee om in 'n swembad _____ te spring nie want jy kan iemand seermaak.

Dit is vandag baie warm. Kom ons gaan swem _____ die rivier.

Moenie alleen swem nie. As jy moeg word, kan jy dalk nie _____ jou eie uit die water klim nie.

Spring _____ die struik om in die rivier te kom.

Party mense kan taamlik lank _____ die water bly.







## Ons skryf

Verbind die sinne. Gebruik **en** of **maar**.

Moenie hardloop _____ in die swembad spring nie.

Moenie op stukkende bottels _____ ou blikke trap nie.

Jy kan swem wanneer dit mooiweer is _____ nie wanneer daar 'n donderstorm is nie.

Swem is pret _____ jy moet versigtig wees.

Neem ander mense in ag wanneer jy swem _____ moenie op mense spring nie.

Datum:

# Ek is lief vir water

## Ons lees

### WATER

Ek is lief vir jou, water!
En ek het jou nodig
Elke oomblik en elke uur.

Ek het jou so lief soos
Ek myself het,
Ek sê Viva! vir jou
Volharding in jou goeie werk

Die wêreld is in jou hande!

(Micheal Matlala – vertaal)



## Ons skryf

| |
|---|
| Wie het die gedig geskryf? |
| |
| Wanneer het die digter water nodig? |
| |
| Hoe weet ons die digter is lief vir water? |
| |
| Wat beteken dit om te "volhard in die goeie werk"? |
| |
| Wat bedoel hy wanneer hy sê "die wêreld is in jou hande"? |
| |



## Ons skryf

Rangskik die woorde om sinne te maak wat iets beteken.

uit is. Bly die water uit donderstorm wanneer daar 'n

of stoot te versigtig nie. Wees op iemand mense om nie te trap

stukkende vir bottels en Oppas blikkies.

pret wees kan as jy versigtig Swem is!

## Ons skryf

Watter toerusting is in elke prent nodig? Kies die woorde in die blokkies en skryf dit bo elke prent neer.

Duikplank

Snorkel en vinne

Visstok

Branderplank

Swembad















# Om veilig te wees in water

Datum:



## Ons skryf

Sê of elkeen van hierdie sinne waar (W) of onwaar (O) is.
Indien 'n sin onwaar is, herskryf dit om dit waar te maak.

| | Waar | Onwaar |
|---|---|---|
| Daar verdrink elke jaar mense in die see. | | |
| Niemand wat kan swem sal in die moeilikheid raak as hy of sy versigtig is nie. | | |
| Swem is groot pret, veral op 'n warm dag, maar dit kan ook baie gevaarlik wees. | | |
| Bly uit die water uit wanneer daar 'n donderstorm is. | | |
| Swem altyd in vuil, troebel water. | | |



## Ons skryf

Skryf 'n kennisgewing om teen 'n groot boom by die rivier op te sit.
Gebruik die beste sinne in die beste volgorde.
Teken 'n prentjie sodat jou plakkaat aandag kan trek.

Maak seker die water is skoon voor jy daarin swem.

Moenie duik as die water nie helder is nie.

Moenie die water drink nie.

Hou jou voete van die gras af.

Moenie met onbekendes praat nie.

Moenie alleen swem nie.

Moenie in 'n donderstorm swem nie.

Kyk voor jy oor die straat loop.



## KENNISGEWING





Voltooi die spinnekopkaart. Vul die oop ruimtes in.
Lees die sinne hieronder en besluit watter jy op jou kaart wil gebruik.

Vir die pret

| | |
|---|---|
| Spring in die rivier in sonder om te kyk. | Pas op vir stukkende bottels en blikke. |
| Moenie swem na 'n groot maaltyd nie. | Jy mag die water drink. |
| Swem as die water baie modderig is. | Moenie alleen gaan swem nie. |





**Wenke vir swem**

**Swem in helder water.**

**Moenie op jou maats spring nie.**

**Help iemand wat in die moeilikheid is.**



Teacher
Date:
Sign:





Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz

Datum:

# Draf

## Ons praat

Kyk na die prentjie.

- Wat doen hierdie mense?
- Dink jy wat hulle doen, is veilig? Waarom?
- Dink jy hul omgewing is gesond? Gee jou redes.
- Waar dink jy behoort drawwers te draf?
- Watter raad sou jy vir mense gee wat in stede draf?

## Ons lees



### Hoe om te oorleef as jy in 'n stad draf

Dit kan gevaarlik wees om fiks te bly. Drawwers in die stad loop gevaar om deur motors omgery te word. Dit beteken nie dat stadsjapies moet ophou draf nie. Dit beteken hulle moet versigtig wees, en hulle moet altyd die verkeersreëls gehoorsaam.

Paaie is bedoel vir motors, busse en vragmotors. As motoriste jou nie goed kan sien nie, kan jy as drawwer omgery word. Daarom is dit belangrik om weerkaatsende klere te dra wanneer jy draf. Jy kan byvoorbeeld 'n oranje of silwer plastiekplakker op jou bors en rug dra.

Jy moet aan die regterkant van die pad draf met jou gesig na aankomende verkeer. Jy moet ook die sypaadjie gebruik as jy kan. Drawwers moet die normale verkeersreëls gehoorsaam. By 'n voetgangeroorgang moet jy kyk of daar nie motors aankom nie voor jy die pad oorsteek.

## Ons praat

- Waaroor handel die storie?
- Waarom moet ons versigtig wees wanneer ons in die stad draf?
- Wat beteken dit as ons van stadsjapies praat?
- Dink jy drawwers het dieselfde probleme op die platteland? Sê waarom.
- Draf jy? Indien wel, waar gaan draf jy?

## Ons skryf

Omkring die woorde wat met die eerste woord rym.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **voet** | vilt | roet | soet | koud |
| **kant** | raam | rand | sent | wand |
| **knol** | kol | bol | krul | pol |
| **smaak** | blok | vaak | smak | kraak |
| **ver** | hier | ster | veer | skêr |

## Vir die pret

Omkring die een wat nie pas nie.






Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz



Datum:

# Draf veilig



Ons skryf

| Waarom is dit gevaarlik om in die stad te draf? |
|---|
| |
| Waarvoor is paaie volgens die skrywer gemaak? |
| |
| Wat behoort drawwers op hulle klere te dra? Hoekom? |
| |
| Watter drie verkeersreëls behoort drawwers te gehoorsaam? |
| 1 |
| 2 |
| 3 |





Ons skryf

Skryf die teenoorgestelde van elke woord in die ruimte onder die woord.
Gebruik die volgende woorde:

onveilig  iemand  somer

herfs  goed  sterk  lekker  bewusteloos

lelik  gangbaar  ander  onfiks

| beeldskoon | veilig | fiks | niemand | sleg |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |





## Ons skryf

Herskryf die paragraaf.
Voeg die hoofletters en punte in.

draf het 'n baie populêre sportsoort geword baie mense draf om fiks te bly mense draf gewoonlik vroeg in die oggend voor daar baie verkeer is of na werk wanneer daar minder motors is deesdae luister baie drawwers na hul MP3-spelers terwyl hulle draf dit kan gevaarlik wees.

## Ons skryf

Maak volsinne deur die woorde in die pienk blok met die regte woorde in die groen blok te verbind.
Skryf die volsinne oor in jou klaswerkboek.

| | |
|---|---|
| Ek draf vroeg in die oggend | en ek maak seker dat ek elke dag draf. |
| Voor ek draf, trek ek weerkaatsende klere aan | want ek draf elke dag. |
| Ek is lief vir draf | en hulle is baie gemaklik. |
| Ek is baie fikser | en ek dra dit wanneer ek draf. |
| Ek het 'n paar spesiale skoene gekoop | want ek begin 08:00 werk. |
| Ek het 'n hemp waarop staan: "Ek is mal oor draf" | want ek wil hê motoriste moet my goed sien. |



# 'n Fees van sport

Datum:

## Ons lees

Sportfees in Kaapstad

**Sportprogram**

| TYD | ITEM | PLEK |
|---|---|---|
| Woensdag, 6 Oktober 20:00 | Gewigoptel en liggaamsbou | Wittebome-burgersentrum |
| Donderdag, 7 Oktober 20:00 | Biljart en snoeker | Wittebome-burgersentrum |
| Vrydag, 8 Oktober 19:30–21:30 | Sokker | Athlone-stadion |
| Saterdag, 9 Oktober<br>10:00–18:00<br>10:00–14:00<br>10:00–14:00<br>11:00–14:00<br>10:00–15:00<br>14:00–15:30<br>14:00–16:30<br>20:45–22:15 | Krieket<br>Atletiek<br>Fietsry<br>Vlugbal<br>Skaak<br>Netbal<br>Tennis<br>Rugby | Turfhall-park<br>Vygieskraal-stadion<br>Vygieskraal-stadion<br>Vygieskraal-stadion<br>SPRA-saal<br>William Herbert-sportgrond<br>William Herbert-sportgrond<br>Athlone-stadion |



## Ons praat

- Wat is 'n sportfees?
- Wat dink jy is die twee populêrste sportsoorte? Gee redes.
- Na watter sport kan jy om 10:00 op Saterdag, 9 Oktober by Turfhall-park gaan kyk?
- Sal jy na beide krieket en atletiek kan kyk? Sê waarom.
- Verkies jy om na netbal of tennis te kyk? Sê waarom.

## Ons skryf

Vul die woorde in.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| dikwels | soms | altyd | gewoonlik | nooit |

Ek gaan _____ vroeg in die oggend 'n ent draf.

Ek draf _____ sonder my weerkaatsende klere nie.

Ek en Jan draf _____ biblioteek toe op 'n Saterdagoggend.

Wanneer ek vroeg in die oggend draf, reën dit _____.

Na aandete, en net voor ek gaan slaap, luister ek _____ na die radio.





## Ons skryf

Maak vrae.

**Voorbeeld**

Drawwers kan seerkry indien hulle in besige verkeer draf.
Wat kan met drawwers gebeur as hulle in besige verkeer draf?

| | |
|---|---|
| Dit kan gevaarlik wees om fiks te bly. | |
| Waarom kan | ? |
| Paaie is bedoel vir motors, busse en taxi's. | |
| Is paaie | ? |
| Motoriste sien moeilik. | |
| Sien motoriste | ? |
| Dit is belangrik om weerkaatsende klere te dra wanneer jy draf. | |
| Is dit | ? |



# Beplanning vir skryf

Datum:



## Ons praat

- Dit is tyd om weer 'n boekie te skryf.
- Praat met jou maat oor die onderwerp waaroor jy wil skryf. Skryf hierdie keer 'n nuttige boekie. Die boek moet vir die leser raad gee oor sport of kookkuns of enige ander stokperdjie.

### 1) Die begin

Skryf 'n paar reëls oor die stokperdjie.



### 2) Die middel

Skryf 'n paar reëls oor die voorbereidings vir die stokperdjie.
Sê watter toerusting (of bestanddele) jy nodig het.



**Skryf jou hoofidee hier. Waaroor sal die boek handel?**



### 3) Nog in die middel

Skryf hoe 'n mens sukses behaal. Indien dit 'n sport is, sê wat die leser moet doen om fiks te word. Indien dit nie 'n sport is nie, gee wenke oor hoe 'n mens dit goed kan doen.



### 4) Die einde

Sluit jou boek nou af deur vir lesers 'n paar redes te noem oor waarom hulle met hierdie stokperdjie moet voortgaan.



Skryf jou storie op 'n stuk papier. Vra jou maat om jou te help om dit te korrigeer. Knip nou die volgende bladsy uit. Vou die papier op die lyne. Vul die voorste bladsy in en skryf dan jou storie in die boek.

AGTERBLAD




OOR DIE SKRYWER

Skryf jou naam

Jou ouderdom

Waar jy woon

8

BUITEBLAD

Teken hier 'n prentjie.

Skryf die titel van die boek hier.

Vul jou naam in (jy is die skrywer).

1

STAP 2. Vou op die stippellyn

STAP 3. Kram aan hierdie kant.

Stap 4. Knip op die soliede lyn nadat jy jou boek vasgekram het.

Stap 1. Vou op die stippellyn

4

Skryf die middel van jou storie hier.

Teken hier 'n prentjie.

5

Gaan hier voort met jou storie.

Teken hier 'n prentjie.

Teken hier 'n prentjie.

Begin jou storie hier skryf.

2

Teken hier 'n prentjie.

Eindig jou storie.

7

Teken hier 'n prentjie.

Gaan hier voort met jou storie.

3

Skryf wat gebeur aan die einde van jou storie.

6



# 3









# Beskrywings van dinge

Datum:



## Ons praat

Ons het vanjaar dikwels van verskillende plekke gepraat.

- Het jy al gewonder hoe hierdie plekke lyk?
- Hoe sal jy die plekke kan beskryf?





## Ons lees

Kyk na die boks in die prentjie hieronder. Jy kan een lang sy sien wat groen gekleur is. Die ander lang sy, wat jy nie kan sien nie, is ook groen. Die lang bokant is rooi, en die onderkant, wat jy nie kan sien nie, is ook rooi. Die kort kant is blou en die ander kort kant, wat jy nie kan sien nie, is ook blou.



Merk nou die boks deur die volgende woorde te gebruik.

| | | |
|---|---|---|
| lang sy | rooi | kort sy |
| groen | lang bokant | blou |







## Ons skryf

Kyk weer na die boks en gebruik dan die woorde in die kassies om die sinne te voltooi. Ons het die eerste een vir jou gedoen.



1. Ek kan die **lang groen sy** en die **lang rooi bokant** sien.
2. Ek kan die _____ sien.
3. Ek kan die _____ en die _____ sien.
4. Ek kan die _____ sien.
5. Ek kan die _____, die _____ en die _____ sien.
6. Ek kan die _____ en die _____ sien.



## Ons doen

- Praat oor die kleure van die boks. Daar is drie kleure.
- Wys na die sye wat jy kan sien en sê vir jou maat watter kleur elke sy is.
- Verbeel jou jy kan die boks van onder af, van die agterkant en van die linkerkant af sien. Sê jou maat watter kleure jy kan sien.
- Indien julle 'n boks in die klas het, kyk daarna van alle kante af.

Kleur nou die verskillende sye van hierdie bokse in. Gebruik dieselfde kleure as dié wat jy op die boks (in die prent hier links) sien.





Datum:

# Kyk om jou rond

## Ons praat

- Jy het 'n boks se verskillende dele beskryf.
- Kan jy plekke beskryf wat naby jou skool is?
- Praat oor party van die plekke naby jou huis.

## Ons lees

Jannie en Thelma nooi Bettina na hulle sportdag. Bettina woon ver van hulle skool. Sy sal met twee busse moet ry om by die skool te kom en sy is bang sy verdwaal. Jannie en Thelma sal nou vir Bettina hierdie pamflet en 'n brief stuur met aanwysings om by die skool te kom.




## Ons skryf

Beantwoord die vrae in volsinne in jou klaswerkboek.

Wanneer is die sportdag?

Hoe laat begin dit?

Hoe weet ons Bettina mag haar sussie saamneem?

Watter soort resies sal daar wees?

Wat is die skool se naam en adres?





## Ons skryf

Skryf vir Bettina 'n brief om vir haar te verduidelik hoe om by jou skool te kom. Beskryf wat sy naby en om die skool sal sien sodat sy die pad kan kry.

Liewe Bettina

Ek is baie bly jy kan na ons sportdag toe kom. Dit is baie maklik om by ons skool te kom.
My skool se naam is

My skool is naby

Wanneer jy van die bus afklim, sien jy voor jou

Jy sal weet wanneer jy by my skool kom, want dit lyk

Ek hoop jy geniet ons sportdag.
Jou maat





## Ons doen

Lees drie van jou maats se briewe.
Maak 'n regmerkie (✓) vir ja of 'n kruisie (✗) vir nee langs elke vraag.

| | 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|---|
| Het jou maat dieselfde plekke naby die skool genoem? | | | |
| Het hy/sy die skool net soos jy beskryf? | | | |



# Aanwysings

Datum:

## Ons doen

Julle skool het vandag 'n nuwe seun bygekry. Help hom om sy pad op die skoolgrond te kry.




## Ons doen

Lees die aanwysings noukeurig.
Volg dan die aanwysings om die verskillende plekke in die skool te kry.

| | |
|---|---|
| Die Graad 4-klaskamer | Dit is die eerste klaskamer op regterkant. |
| Die hoof se kantoor | Wanneer hy inkom, moet hy links draai. Dit is die tweede vertrek aan die regterkant. |
| Die toilette | Wanneer hy in die skool instap, moet hy links draai. Die toilette is die vierde vertrek aan die regterkant. |
| Die speelgrond | Wanneer hy inkom, moet hy links draai en deur die deur aan sy regterkant gaan. |



## Vir die pret

Teken nou 'n kaart van jou skool.

## Ons skryf

Skryf aanwysings van die skoolhek af tot by jou klaskamer.

# Die gebruik van kaarte

Datum:

**Waar Jannie en Thelma woon**






Ons skryf

Kyk na die prentjie en vul die ontbrekende woorde in.



1. Thelma woon in 'n huis met 'n geel muur en 'n _____ dak.

2. As Thelma links draai, kan sy na die _____ -kombi toe loop.

3. Jannie woon in 'n huis met 'n _____ dak. Hy staan regoor Thelma.

4. As Jannie links draai en dan _____ draai, kan hy _____ koop.

5. Wanneer Thelma seëls wil koop, draai sy by haar hek _____ want die _____ is aan haar regterkant.



## Ons lees

Ons het in die vorige oefening van "links" en "regs" gepraat. Maar daar is ander spesiale woorde wat ons gebruik om rigting aan te dui. Daardie woorde is "noord", "suid", "oos" en "wes". Hierdie woorde help ons om presies te sê waar ons is. Die son kom altyd in die ooste op en gaan in die weste onder. Oos en wes is vaste rigtings. Ons kan oos en wes gebruik om vir mense te sê waarheen hulle moet gaan.

### Hoe werk ons die rigting uit?

As jy staan en kyk in die rigting waar die son opkom, kyk jy oos. As jy jou linkerarm uitsteek, wys dit noord. As jy jou regterarm uitsteek, sal dit suid wys. Ons kan 'n kompas gebruik om vir ons noord, suid, oos en wes te wys.

## Ons skryf

Kyk na die prentjie hieronder en vul dan die ontbrekende woorde in.

**Mandla wys vir ons die rigtings**




Onthou: As ons 'n kompas teken, wys die noordelike naald altyd na die bokant van die bladsy. Dit beteken nie die bokant van die bladsy wys noord nie. Maar jy kan uitwerk in watter rigting jou boek wys deur soos

Mandla te staan, met jou gesig na die ooste.




1. In watter rigting is die boom? _____

2. In watter rigting is die motor? _____

3. In watter rigting is die poskantoor? _____

Teacher

Date:

Sign:



Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz

# Beskryf waar dinge is

Datum:

## Ons praat

- As jy in jou klaskamer op 'n stoel staan en afkyk, wat sien jy?
- As jy agter in die klas staan en na die klaskamer kyk, wat sien jy?
- Wat sien jy as jy voor in die klas staan en na die klaskamer kyk?
- Probeer 'n bietjie.

**Prent 1: Agteraansig van 'n klaskamer**






**Prent 2: Bo_aansig van die klaskamer**









Ons skryf

Kyk na die twee tekeninge in prent 1 en prent 2. Vergelyk dan die twee prente en beantwoord die vrae in die tabel.

| | Prent 1 | Prent 2 |
|---|---|---|
| Waar het die kunstenaar gestaan toe sy die prent geteken het? | | |
| Hoeveel kinders kan in hierdie klaskamer sit? | | |
| Hoeveel kennisgewings is daar teen die kennisgewingbord voor? | | |
| Kan jy sien wat op die kennisgewingbord agter in die klas is? | | |
| Wat is buite die deur? | | |
| Wat staan langs die venster? | | |
| Dink jy daar is meer as een venster in die klaskamer? Kan jy seker wees? | | |
| Hoeveel rakke het die boekrak? | | |
| Is daar enige werk op die swartbord geskryf? | | |
| Is daar enigiets in die kas? | | |



Ons skryf

Maak 'n lys van twaalf dinge in die klaskamer in prent 1. Nommer die lys van 1 tot 12. Maak seker dat die 12 dinge wat jy in prent 1 sien, dieselfde is as die dinge wat jy in prent 2 sien.

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

Wanneer ons na prent 2 kyk, stel ons ons voor dat die kunstenaar 'n insek is wat van die plafon af kyk. Hierdie soort prentjie noem ons 'n bo-aansig.



# Ons lees en teken kaarte

Datum:



## Ons doen

Werk nou in pare en teken 'n eenvoudige plan van jul klaskamer op 'n skoon stuk papier. As daar te veel tafels of skoolbanke is, laat party van hulle uit, maar teken jul onderwyser se tafel, die boekrak en kas. Vergelyk jul tekening met julle maats s'n.



## Ons praat

- Kom ons kyk nou na 'n groter plan.
- Wys na die verskillende plekke wat jy sien.
- Wys waar noord is.
- Wys vir jou maat waar die hospitaal, park, skool en brandweerstasie is.
- Sê wat naby hulle is.





Aa Bb Cc Dd Ee Ff Gg Hh Ii Jj Kk Ll Mm




Omkring die korrekte woord.

Ons skryf

| |
|---|
| Hadebestraat is noord/suid van Mandlastraat. |
| Die skool is noord/suid van Mandlastraat. |
| Die hospitaal is noord/suid van Hadebestraat. |

Vul nou die korrekte antwoord in.

| | |
|---|---|
| In watter straat is die hospitaal? | |
| In watter straat is die park? | |
| In watter straat is die brandweerstasie? | |
| Skryf drie sinne oor waar dinge op hierdie kaart is. | |
| | |
| | |
| | |



Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz

# Lees 'n ruitkaart

Datum:

## Ons praat

- Kyk na die volgende prent en sê waar die kunstenaar gestaan het toe sy die prent geteken het.
- Hoeveel verdiepings het hierdie gebou?
- Hoeveel woonstelle is daar in hierdie gebou?
- Tel die woonstelle.
- Daar is vyf verdiepings en op elke verdieping woon drie gesinne.




**'n Woonstelblok**





## Ons praat

- Vra en beantwoord vrae oor die mense wat jy in hulle woonstelle sien.
  Wat gebeur in **woonstel 2C**?
  Die man berei sy aandete voor.





## Ons skryf

Werk in groepe en pas die beskrywing by die nommer van die woonstel.
Ons het die eerste een vir jou gedoen.
Vul almal in.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Die seun luister na die radio. | 5C | Die man lees die koerant. | | Die kat klim op die vensterbank. | |
| Die ou dame brei 'n trui. | | Die vrou was die mure. | | Die kinders hou 'n verjaarsdag-partytjie. | |
| Die seun is besig om te bad. | | Die meisie lek aan 'n roomys. | | 'n Man is besig om die muur te verf. | |
| Die man berei sy aandete voor. | | Sy skuif die gordyne toe. | | Die vrou kyk TV. | |

Die sinne in die tabel hierbo is almal in die teenwoordige tyd.
Kies enige vier sinne en herskryf hulle in die verlede tyd.
Ons het 'n voorbeeld vir jou gedoen.



| |
|---|
| **Die man berei sy aandete voor.**<br>Die man het sy aandete voorberei. |
| |
| |
| |
| |



# Lees 'n grafiek

Datum:

## Ons praat

Kyk na die volgende tekening. Dit vertel ons van watter sportsoorte kinders hou. Kyk 'n paar minute op jou eie daarna.



### Die sportsoorte waarvan kinders die meeste hou










## Ons praat

- Hierdie soort prent noem ons 'n staafgrafiek. Hierdie een vertel ons van watter sportsoorte kinders hou.
- Kyk na die onderste reël en vertel jou maat watter sportsoorte genoem word.
- Kyk na die syfers wat aan die linkerkant van die grafiek oploop en sê watter syfers genoem word.



## Ons skryf

| | |
|---|---|
| Van watter sport hou die meeste kinders? | |
| Van watter sport hou die minste kinders? | |
| Hoeveel kinders hou van sokker? | |
| Hoeveel kinders verkies netbal? | |
| Hoeveel kinders hou van hardloop? | |
| Hoeveel kinders verkies swem? | |

## Ons doen

Vra tien maats van watter sport hulle die meeste hou.
Kleur die blokke hieronder in om te wys watter sportsoorte hulle verkies. Begin by die onderkant van die tabel.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 10 | | | | |
| 9 | | | | |
| 8 | | | | |
| 7 | | | | |
| 6 | | | | |
| 5 | | | | |
| 4 | | | | |
| 3 | | | | |
| 2 | | | | |
| 1 | | | | |
| | Sokker | Netbal | Swem | Hardloop |

Jou tabel moet ongeveer so lyk.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 10 | | | | |
| 9 | | | | |
| 8 | | | | |
| 7 | | | | |
| 6 | | | | |
| 5 | | | | |
| 4 | | | | |
| 3 | | | | |
| 2 | | | | |
| 1 | | | | |
| | Sokker | Netbal | Swem | Hardloop |

Van watter sport hou hulle die meeste? _____

Van watter sport hou hulle die minste? _____

_____

Teacher

Date:

Sign:



Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz

Datum:

# Die veelkleurige blaar

Ons lees

In hierdie werksblad gaan ons kyk na die reis wat 'n blaar onderneem. Terwyl jy lees, probeer 'n kaart van die reis teken.



Daar het 'n boom in die tuin gestaan. Die wind het begin waai en 'n blaartjie het begin bewe.

Toe val dit van die boom af. Dit het laer en laer gefladder tot dit op die gras geland het. Daar het 'n kat op die gras gesit. "Hallo, groen blaartjie," het die kat gesê. "Mag ek met jou speel?"



Die blaar wou net ja sê, toe begin die wind weer waai. Sjoesj! blaas die wind en lig die blaartjie op, al hoër en hoër die lug in. Die wind neem hom baie ver. Toe laat hy die blaartjie langs die pad val.



"Hallo, geel blaartjie," sê 'n voël langs die pad. "Gaan jy hier by my bly?" "Dis snaaks," sê die blaartjie. "Die kat het gesê ek is groen. Nou sê die voël ek is geel. Ek wonder watter kleur is ek?"

Die blaar wou net vir die voël vra toe die wind weer begin waai. Sjoesj! blaas die wind en waai die blaartjie in die lug op. Die wind neem hom baie ver. Toe laat hy die blaartjie langs 'n groot stuk veld val.



In die veld was daar koeie wat in die gras wei. Een van die koeie kom na die blaartjie toe. "Moe," sê die koei. "Hallo, oranje blaartjie." "Dis snaaks," sê die blaartjie. "Die kat het gesê ek is groen en die voël het gesê ek is geel. Nou sê die koei ek is oranje. Ek wonder watter kleur is ek?"



Die blaar wou net vir die koei vra toe die wind weer begin waai. Sjoesj! blaas die wind en waai die blaartjie in die lug op. Die wind neem hom baie ver. Toe laat hy die blaartjie bo-op 'n groot heuwel val.



Die blaartjie het 'n hele ruk daar gelê. Toe stap 'n bok nader. "Hallo, rooi blaartjie," sê die bok. "Het jy saam met my op die heuwel kom bly?" "Dis snaaks," sê die blaartjie. "Die kat het gesê ek is groen en die voël het gesê ek is geel. Toe sê die koei ek is oranje en die bok sê ek is rooi. Ek wonder watter kleur is ek?"



Die blaartjie het stil bly lê. "Hallo, bruin blaartjie," sê die vark. "Ek het jou netnou amper opgeëet. Het die wind jou hiernatoe gebring?" "Dis snaaks," sê die blaartjie. "Die kat het gesê ek is groen en die voël het gesê ek is geel, die koei het gesê ek is oranje en die bok het gesê ek is rooi. Nou sê die vark ek is bruin. Ek wonder watter kleur is ek?"



Net toe sien 'n seuntjie die blaar en tel dit op. "Kyk," sê hy vir sy ma. "Kyk na die goue blaartjie. En kyk na die ander blare. Hulle is groen en geel en oranje en rooi en bruin en goud." "Ja," sê sy ma. "Nou dat die somer verby is, kry die blare hulle herfskleure."



## Ons skryf

Wat is die vyf kleure waarin die blaartjie verander het? Gebruik die woorde: "Eers", "Toe", "Daarna" en "Uiteindelik" in jou vyf sinne.

Eers

Toe

Daarna

Uiteindelik



## Ons doen

Maak 'n rolspel op oor hierdie storie. Jy het agt akteurs nodig.

- Iemand moet die blaar wees.
- Vier kinders moet die diererolle speel.
- Een persoon is die seuntjie,
- Een persoon is die ma.
- Laastens moet daar 'n verteller wees.

Die verteller vertel die deel van die storie wat nie deur die diere, die seuntjie, die ma en die blaartjie gepraat word nie.

Datum:

# Herfskleure



## Ons lees

Herfsblare se kleure is pragtig. Ons geniet hulle almal. Het jy al ooit gewonder hoe en waarom 'n blaar se kleur in die herfs verander? Waarom party blare rooi word en ander weer geel en oranje? Om hierdie vrae te beantwoord, moet ons eers verstaan wat blare is en wat hulle doen.

Plante maak hul eie kos. Hulle neem met hul wortels water uit die grond op. Hulle absorbeer koolstofdioksied uit die lug. Dan verander hulle die water en koolstofdioksied in kos en suurstof. Suurstof is 'n gas in die lug wat ons nodig het om asem te haal.

Plante maak hulle kos met behulp van sonlig en 'n stof wat chlorofil genoem word. Chlorofil gee aan blare hulle groen kleur. Wanneer die somer eindig en die herfs aanbreek, word die dae korter en korter. Die bome begin dan regmaak vir die winter.

In die winter is daar nie genoeg sonlig of water sodat die bome kos kan maak nie. Die bome rus dan en lewe van die kos wat hulle in die somer gebêre het. Wanneer die herfs aanbreek, sluit hulle hul kosfabrieke.

- Die groen chlorofil verdwyn uit die blare.
- As die helder groen verdwyn, begin ons geel en oranje kleure sien.
- Party blare word rooi. Hierdie kleur word in die herfs gemaak van kos wat in die blare vasgevang is.
- Bruin kleure word ook in die herfs gemaak. Dit kom uit afvalstowwe wat in die blare agtergebly het.
- Verskillende bome maak in die herfs verskillende kleure.
  Dit is die kombinasie van al hierdie kleure wat vir ons so mooi is.










## Ons praat

Gaan kyk weer na die storie en verduidelik dan vir jou maat waarom ons soveel gekleurde blare het wanneer die groen blare van kleur verander.

- Blare verander van groen na geel en oranje omdat...
- Blare word rooi omdat...
- Blare word bruin omdat...





## Ons doen

Probeer blare van verskillende kleure kry voor jy môre klas toe kom.
Probeer blare van verskillende vorms en groottes kry.





# Plante se blare

Datum:

Ons doen

## Blaarvorms en blaarrande

Het jy onthou om 'n paar blare skool toe te bring vir hierdie oefening?

Kyk na die blare wat julle het.

Daar is twee groepe blare – eenvoudige en saamgestelde blare. Eenvoudige blare het een blaar op 'n steel. Saamgestelde blare htet baie blare aan een steel. Kyk na prent 1. Saamgestelde blare het 'n aantal klein blaartjies.

## Eenvoudige en saamgestelde blare



## Maak 'n blaarvryfprent: prent 2

In hierdie prentjie wys ons jou hoe om 'n blaarvryfprent te maak. Sit die gladde kant van die blaar onder 'n vel papier. Vryf dan die papier bo-op die blaar versigtig met die plat kant van 'n vetkryt of potlood. Die patroon van die blaar en die vorm van die rand sal op die papier begin verskyn.

Maak nou nog vryfprente op jou stuk papier. Probeer ten minste vyf verskillende blare maak.

Nou kan jy die papier met jou vryfprente op die volgende bladsy plak.

Skryf bo elke vryfprent van watter soort plant jy die blaar gepluk het. Skryf boontjieplant of groot boom, of klein struik, of bloekomboom of gras. Maak seker dat al vyf blare op die bladsy pas.

Is die rande van jou vyf blare dieselfde? Voel met jou vinger aan die rande.

### Maak 'n blaarvryfprent

- Maak 'n blaarvryfprent soos volg. Vryf liggies met 'n potlood of vetkryt oor die papier op elke blaar.



Hier is my blaarvryfprent:



## Ons skryf

Skryf die meervoude van die volgende woorde neer:

| | |
|---|---|
| skool | |
| steel | |
| haar | |

Wat is die meervoud van blaar?
As ons agter blaar 'n e aanlas, neem ons een a weg en kry ons blare.





Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz

# Meer oor blare

Datum:

## Ons doen

Kom ons kyk na die blare in hierdie prentjies en beskryf hoe hulle lyk.
Kyk na die vorms van die blare en kyk ook na hulle rande.

**Hierdie blare het gladde rande**




**Hierdie blare het getande rande**




**Hierdie blare het 'n langwerpige vorm**




**Hierdie blare het 'n breë vorm**





## Ons skryf

Kyk na die prentjies en beantwoord dan die vrae.

| |
|---|
| Noem 'n blaar wat 'n gladde rand **en** 'n langwerpige vorm het. |
| |
| Noem 'n blaar wat 'n getande rand **en** 'n langwerpige vorm het. |
| |
| Noem 'n blaar wat 'n breë vorm **en** 'n getande rand het. |
| |



## Ons doen

Vul jou familieboom in.




Teacher

Date:

Sign:




Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz

# Blaretaal

Datum:



Ons skryf

**Selfstandige naamwoorde en voornaamwoorde**

*Selfstandige naamwoorde gee name aan dinge. Dit is die name van mense, diere en voorwerpe soos klere, kos en baie ander dinge. Voornaamwoorde is kort woordjies wat in die plek van selfstandige naamwoorde staan. ("Voornaam" beteken "vir naam".) Selfstandige naamwoorde en voornaamwoorde hou daarvan om saam te werk.*

1. *Die **man** het in die straat afgeloop. **Hy** het 'n boks gedra.*
2. *Die **ou dame** loop oor die straat. **Sy** struikel oor 'n klip en val op die grond.*
3. *Die **weer** was baie sleg. **Dit** het ons ons truie en serpe laat aantrek.*
4. *Die **koeie en skape** het in die veld gewei. **Hulle** het almal gras gevreet.*

Vul nou voornaamwoorde in die volgende sinne in.



1. 'n Blaartjie het van 'n boom afgeval. _____ het op die gras onder die boom geland.



2. Net toe het 'n seuntjie die klein bruin blaartjie gesien. _____ het dit opgetel.
3. Sy ma het met die hond gaan loop. _____ het haar seuntjie geroep.
4. Die bome het verskillende kleure blare gehad. _____ het pragtig gelyk.



5. My broer het die blare opgehark. _____ het dit weggegooi.





## Ons skryf

Verander hierdie sinne na die indirekte rede.

**Direkte en indirekte rede**

*Wanneer ons met iemand praat, gebruik ons die direkte rede. Wanneer ons vir iemand wil vertel wat iemand anders gesê het, gebruik ons die indirekte rede. Kyk na die voorbeeld:*

*"Daar is 'n blaar op die grond."* ***Dit is die direkte rede.***

*Die seuntjie het gesê dat daar 'n blaar op die grond is.* ***Dit is die indirekte rede.***

1. Ma sê: "Ek koop elke week kruideniersware."

_____

2. Pa sê: "Dit is tyd om te vertrek."

_____

3. Dudu sê: "Hierdie vleis smaak goed."

_____

4. Bongi sê: "My groente is baie lekker."

_____

## Vir die pret

Teken die roete wat die blaartjie gevlieg het. Teken prentjies om te wys wie hy ontmoet het.

- Eers het hy 'n kat ontmoet. Toe ontmoet hy 'n voëltjie. Daarna het hy 'n koei ontmoet.
- Daarna het hy na die bok toe gevlieg en toe het die vark hom gekry.
- Uiteindelik het hy by die seuntjie se voete beland.

# 'n Blareplakkaat

Datum:



## Ons doen

Ontwerp 'n plakkaat oor die beskerming van bome.
Praat met jou maats oor maniere waarop jy met jou plakkaat aandag kan trek.
Wie sal die plakkaat lees? Waar sal jy jou plakkaat opsit?

Teken jou plakkaat hier.





## Ons skryf

Kyk na drie van jou maats se plakkate en beantwoord die volgende vrae. Sit 'n regmerkie (✓) vir ja of 'n kruisie (✗) vir nee langs elke vraag.

| | 1 | | 2 | | 3 | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | ✓ | ✗ | ✓ | ✗ | ✓ | ✗ |
| Sal die plakkaat mense se aandag trek? | | | | | | |
| Is dit duidelik op wie die plakkaat gemik is? | | | | | | |
| Het die plakkaat 'n duidelike boodskap? | | | | | | |
| Dink jy mense sal op die plakkaat reageer? | | | | | | |
| Is die skrif netjies en duidelik? | | | | | | |
| Is daar 'n prentjie op die plakkaat wat by die boodskap pas? | | | | | | |

Sê nou hoe jou maats elkeen van hierdie drie plakkate kan verbeter.



# Beplanning van 'n storie

Datum:

## Ons praat

- Kyk weer na die storie van die blaartjie op bladsy 86.
- Praat oor die storie se begin.
- Sê hoe die storie geëindig het.

## Ons skryf

Teken 'n prent van die storie se begin en skryf een sin in jou eie woorde oor hoe die storie begin.

Teken 'n prent van wat met die blaar gebeur het toe die wind dit rondgewaai het, en skryf een sin oor die middel van die storie in jou eie woorde.

Teken 'n prentjie van die einde van die storie en skryf een sin oor hoe die storie eindig.



Ons doen

Praat met jou maats oor 'n storie wat jy gaan skryf.
Praat oor die begin, die middel en die einde van die storie.









Ons skryf

# Skryf jou eie storie

Datum:

Jy gaan nou 'n ruwe kopie van jou eie storie op hierdie bladsy skryf.

## Die begin

## Die middel

## Die einde



Nou gaan jy jou eie boek maak. Knip die volgende bladsy van hierdie boek uit.
Sny op die stippellyne. Vou die bladsy op die lyne. Skryf die boek se titel op die buiteblad.
Skryf jou naam onder die titel want jy is die storieskrywer. Teken 'n prentjie op die buiteblad. Skryf nou jou storie in die boek.



AGTERBLAD




## OOR DIE SKRYWER

Skryf jou naam

Jou ouderdom

Waar jy woon

8

Stap 4. Knip op die soliede lyn nadat jy jou boek vasgekram het.

BUITEBLAD

Teken hier 'n prentjie.

Skryf die titel van die boek hier.

Vul jou naam in (jy is die skrywer).

1

Stap 1. Vou op die stippellyn

STAP 2. Vou op die stippellyn

STAP 3. Kram aan hierdie kant.

Teken hier 'n prentjie.

Skryf die middel van jou storie hier.

4

Gaan hier voort met jou storie.

5

Teken hier 'n prentjie.

Teken hier 'n prentjie.

Begin jou storie hier skryf.

2

Teken hier 'n prentjie.

Eindig jou storie.

7


Teken hier 'n prentjie.

Gaan hier voort met jou storie.

3

Teken hier 'n prentjie.

Skryf wat gebeur aan die einde van jou storie.

6

# 4














Datum:

# Die vrou wat bome geplant het



## Ons praat

- Het jy al ooit gewonder hoe die wêreld sou lyk as daar geen bome was nie?
- Weet jy wat gebeur met die omgewing as ons bome afkap en hulle nie vervang nie?
- Lees die storie hieronder en dink na oor wat jy lees.
  Môre sal jy 'n paar vrae oor hierdie storie beantwoord.



## Ons lees



Die sesjarige Wangari hardloop oor die groen veld na die rivier toe. Sy dra 'n emmer om water te gaan haal. Sy kniel en kyk af in die rivier vol visse. "Kyk na hierdie padda-eiers," sê sy vir haar broer, Ndiritu, en sy lig stringe eiers uit die water. Die stringe skitter soos pêrels in die sonlig.

Nadat sy water gaan haal het, sal sy en Ndiritu vuurmaakhout bymekaarmaak. Hulle ma en ander vrouens van die dorpie werk op die lande. Vanaand sal hulle almal die groente eet wat die vrouens huis toe neem.

Nadat die werk gedoen is, loop Wangari deur die groen veld, by die vyebome verby, saam met haar ma en Ndiritu. "Dit lyk asof die aarde 'n groen jas dra," sê sy vir haar ma. Haar ma vertel vir haar dat ons vir die grond en bome moet sorg wat vir ons kos gee.

"Mamma, ek wil alles weet oor die grond en die bome. Mag ek asseblief skool toe gaan?" vra Wangari.

"Ja, Mamma, laat Wangari asseblief skool toe gaan," smeek Ndiritu.

"Meisies gaan nie skool nie," sê hulle ma.

"Maar Mamma, Wangari is slim. Sy moet skool toe gaan," antwoord hy.

En dit is waarom klein Wangari begin skoolgaan het.

Sy het hard gewerk en haar onderwysers het vir haar gesê sy sal in die toekoms groot dinge doen. Sy het vyf jaar lank 'n universiteit in Amerika bygewoon. Sy het die padda-eiers gemis, sy het haar gesin gemis en sy het die groen velde gemis, maar sy het dit geniet om te studeer en nuwe dinge te leer.

Nadat sy 'n lang tyd weg was, het Wangari teruggekom na haar huis toe. Sy was geskok oor wat sy gesien het. Mense wat geld wou maak, het al die bome afgekap en die grond skoongemaak. Die heuwels en valleie wat eers bedek was met groen vyebome was kaal. Die groentetuine was dood en die mense was maer en honger.

"Ag, nee!" het Wangari gesê. "Hulle het die grond doodgemaak wat vir die dorpsmense kos gegee het."

Wangari was hartseer en kwaad, maar toe het sy begin dink oor maniere om die dorp en haar land te help.

"Kom," sê sy toe vir die dorpsmense, "kom ons werk almal saam en plant bome."

Gou-gou was almal besig om bome te plant – die vrouens, kinders, winkeleienaars en selfs die soldate. Almal plant bome. Hulle plant en plant en hou aan plant. Op die ou end het hulle dertig miljoen bome geplant. Die grond het weer begin lewe en binnekort was daar kos vir almal.



# Meer oor die vrou wat bome geplant het

Datum:

## Ons doen

Dink aan 'n rolspel oor Wangari as jong meisie.
Doen dan 'n rolspel oor haar nadat sy van Amerika af teruggekom het.
Jou rolspel moet wys wat sy sien en wat sy sê.



## Ons skryf

Beantwoord die vrae so volledig moontlik.

| |
|---|
| Skryf drie dinge neer wat Wangari as kind gedoen het. |
| 1. |
| 2. |
| 3. |
| Wat het haar ma haar van die groen velde vertel? |
| |
| Hoe lank het Wangari in Amerika studeer? |
| |
| Hoe het haar dorpie gelyk toe sy terugkom? |
| |
| Wat het Wangari gedoen om die grond reg te kry? |
| |
| Wie het gehelp bome plant? |
| |



Ons skryf

Vul die ontbrekende woorde in. Gebruik hierdie woorde om jou te help.

plant | bou | behou | het | is | lief vir | gee

Bome _____ baie belangrik. Baie vroue in ons gemeenskap _____ bome in hulle tuine. Bome _____ skaduwee wanneer dit warm is. Ek _____ baie bome in my tuin wat hulle blare dwarsdeur die jaar _____. Die voëls is _____ my bome en _____ neste vir hul kleintjies.



Vul nou woorde in wat die teenoorgestelde van die vetgedrukte woorde beteken.

Ons skryf



In die **somer** _____ gaan ek elke **aand** _____

op 'n **vinnige** _____ **stappie** _____

**op** _____ teen die koppie.



Voltooi die volgende sinne.
Onthou om enige nuwe woorde in jou woordeboek te skryf.

Ons skryf



Toe Wangari 'n jong meisie was, het die grond gelyk soos

Toe Wangari terugkom van Amerika af, ontdek sy dat





# Plant bome

Datum:

## Ons doen

### So kweek jy 'n boom

Jy het 'n 2 liter-koeldrankbottel, grond en boomsade nodig.

1. Sny die boonste deel van die plastiekbottel af.
2. Gooi grond onderin. Voeg kompos of kraalmis by.
3. Plant die boomsade in die grond.
4. Gooi die sade een keer per week effens nat. Die grond moet vogtig wees maar nie nat nie. Na vier tot vyf weke sal die saailinge deur die grond breek.
5. Wanneer jou saailinge omtrent drie weke oud is, plant hulle uit in plastieksakke vol grond.
6. Jy kan die saailinge in die grond plant wanneer hulle omtrent so lank soos jou arm is.



















## Ons praat

Lees die aanwysings hierbo en bespreek dan die volgende vrae in jou groep.

- Waarom is dit nodig om kompos by die grond te gooi?
- Hoe dikwels moet jy die sade water gee?
- Wat moet jy doen wanneer jou saailinge drie weke oud is?
- Wanneer behoort jy jou saailinge in die grond oor te plant?

## Ons skryf

Maak vrae wat begin met die woorde tussen hakies.



Ons plant sade in plastiekbottels. (Wat)

Die sade bly omtrent vyf weke lank in die bottels. (Hoe lank)

Ons plant sade want hulle is goed vir ons omgewing. (Waarom)

Ons sit hulle na vyf weke in plaktieksakke. (Wanneer)

Wanneer hulle so lank soos ons arm is, plant ons hulle in die tuin. (Waar)



## Ons skryf

Kies die regte woord en omkring dit.



Jy moet die sade effens natgooi daadlik/dadelik na jy hulle geplant het.

Wanner/wanneer jou saailinge omtrent drie weke oud is, moet jy hulle oorplant.

Jou saailinge het kompos/kompost nodig om goed te kan groei.

Die saailinge het weier/wyer houers nodig om genoeg wortels te kan vorm.



## Vir die pret

Ons vier elke jaar **Boomplantweek** om mense aan te moedig om bome te plant en op te pas. Maak 'n plakkaat vir Boomplantweek om mense van bome se belangrikheid te vertel.

Weet jy wat beteken "lower"? Dis 'n ou woord vir die groen blare van bome wat digters graag in hul gedigte gebruik. Ons praat nog van "lowergroen".





Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz

# 'n Onderhoud met Wangari Maathai

Datum:

Ons lees



Wangari Maathai was die wenner van die Nobel-vredesprys vir 2004. Kom ons verbeel ons ons het 'n onderhoud met haar vir jou klaskoerant.

**Vertel ons van jou kinderdae en jou gesin.**

Ek is op 1 April, 1940 in Kenia gebore. My ouers was boere en ons was ses kinders in die gesin. Ek was die derde kind. Ek het twee ouer broers gehad. Daar was nie skole op die plaas nie en my ouer broers het die Ihithe-laerskool in die dorp bygewoon. In daardie dae het baie min meisies skoolgegaan. Maar ek wou skoolgaan. My ouer broers het my ma omgepraat om my skool toe te stuur.

**Vertel ons van jou skoolopleiding.**

Toe ek agt jaar oud was, het ek saam met my broer na die Ihithe-laerskool gegaan.

Later, toe ek elf was, het ek koshuis toe gegaan. Ek het daarvan gehou om by die skool te woon, maar ek het daarna uitgesien om in die skoolvakansie huis toe te gaan na die groen velde. Toe ek 16 was, is ek hoërskool toe. Nadat ek klaar was met hoërskool, is ek Amerika toe om in die wetenskappe te studeer. Met my terugkoms in Kenia, was ek geskok om te sien hoe die grond vernietig is.

**Waaraan skryf jy jou sukses toe?**

Ek het die Groengordelbeweging begin en het mense aangemoedig om miljoene bome oor die hele Kenia te plan. Die bome wat ons geplant het, het gehelp om gronderosie en ontbossing te bekamp.

In 2004 het ek die Nobel-vredesprys vir hierdie werk ontvang. Ek is baie trots hierop, veral omdat ek die eerste vrou in Afrika was wat die prys verower het.

**Watter raad kan jy vir jongmense gee?**

Ek wil hê jongmense moet weet dat elkeen 'n verskil kan maak. Elke mens en elke plant is belangrik. Mense kan nie sonder die natuur lewe nie.



## Ons praat

- Praat in jou groep oor Wangari se kinderdae en haar gesin.
- Op watter manier het haar broers gehelp dat sy skool toe kon gaan?
- Wat het sy gedoen wat haar so suksesvol gemaak het?
- Waarom het sy die Nobel-vredesprys ontvang?

## Ons skryf

Doen 'n onderhoud met iemand wat sukses behaal het. Dit kan iemand in jou skool wees (iemand wat goed vaar in skoolwerk of in sport) of iemand in jou gemeenskap. Stel hierdie vrae en vul die persoon se antwoorde in. Doen dit eers op 'n stuk ruwe papier.

Kan jy my van jou gesin vertel?

Vertel my asseblief van jou skoolopleiding.

Kan jy vir my sê wat jou so suksesvol gemaak het?

Watter raad kan jy vir jongmense gee sodat hulle so suksesvol soos jy kan wees?



Teacher

Date:

Sign:

# Water

Datum:

Ons lees

Lees die storie en beantwoord die vrae.



## Die stryd om water

Hoe kry jy elke dag water? Baie van ons hoef net 'n kraan oop te draai. Maar daar is nog dorpies waar water 'n groot probleem is.

Liki Mokoena is 'n 13-jarige meisie. Sy woon in 'n dorpie op die platteland en staan elke oggend om 04:00 op, lank voor die son opkom. Sy begin stap met 'n groot metaalhouer na die waterput, wat vyf kilometer van hulle huis af is. Sy gaan haar gesin se watervoorraad vir die dag haal.

Die pad na die put loop bergaf, wat beteken dat dit baie harde werk is om die swaar vrag water opdraand te dra terug huis toe.

Liki hou daarvan om een van die eerste mense te wees wat soggens by die put kom, al beteken dit sy moet baie vroeg opstaan. Omtrent twintig vroue en kinders staan elke oggend tou vir water. Die probleem met hierdie put is dat dit nie baie water in het nie.

Die voorste paar mense in die tou kan hul houers vinnig volmaak, maar die res van die mense moet wag terwyl die put weer stadig vol water word. Die persoon agter in die ry moet partykeer die langste wag vir die put om weer vol te loop.

Indien Liki agter in die tou is, beteken dit sy gaan laat wees vir skool.



## Ons skryf

**Waarom is water vir party plattelandse dorpies 'n probleem?**

**Waarvoor word water gebruik?**

**Waarom is reën belangrik in ons lewens?**

**Wat sal die lewe makliker maak vir die mense van Liki se dorp?**



## Ons skryf

Verander die woord tussen hakies om hierdie sinne reg te maak.

Liki Mokoena (gekry) _____ elke dag haar gesin se water uit die put.

Sy het nog nooit in 'n stad (woon) _____ nie.

Baie vrouens _____ (gestaan) elke dag in 'n ry vir water.

Die put _____ jare gelede _____. (grawe)

Liki _____ (moes) elke dag vyf kilometer ver skool toe loop.

# Meer oor water

Datum:

## Ons praat

- Waar kry die mense van Liki se dorp hul water?
- Waarom moet Liki soggens so vroeg opstaan?
- Is dit 'n goeie ding as mense en diere uit dieselfde put drink? Waarom? Waarom nie?
- Dink jy die vroue en kinders druk mekaar om by die put te kom? Hoekom sê jy so?

## Ons skryf

Pas die woorde by hul betekenisse.
Onthou om die woorde in jou woordeboek te skryf.

| | |
|---|---|
| houer | 'n hoeveelheid van iets wat beskikbaar is vir gebruik |
| tou | die gebied ver van stede |
| voorraad | 'n ry mense wat agter mekaar staan om hulle beurt af te wag |
| platteland | 'n bak of emmer waarin jy goed dra |

## Ons skryf

Voltooi Liki se rooster vir Maandag.

| | |
|---|---|
| 04:00 | |
| 04:30 | Loop huis toe |
| 08:00 | |

| | |
|---|---|
| 17:30 | |
| 18:00 | Maak aandete |
| 20:00 | Doen huiswerk |
| 22:00 | |



## Ons skryf



Vul jou rooster vir Maandag in.

| | |
|---|---|
| | Word wakker |
| 08:00 | |
| | Einde van skooldag |
| | Begin met huiswerk |
| 18:00 | |
| 20:00 | |
| | |



# Droogte en die omgewing

Datum:

## Ons lees

Lees die gedig en beantwoord die vrae.

**Droogte**

Mense, diere en plante gaan dood
Almal is honger
Riviere, strome en damme is droog
Waarom gebeur dit?
Waterbeperkings is ingestel
Mense moet waterbesparingswenke in werking stel
Droogtehulpvoedsel moet uitgedeel word
Wanneer is daar 'n einde aan al die ellende?
Ons land het lelik geword
Maer diere oral en plante wat verdroog

Hierdie skrikbeeld is die werk van die droogte.

*Aangepaste gedig deur*
*Gugulethu Maphosa*



## Ons skryf

Wat is 'n droogte?

Wat gebeur met riviere en strome wanneer daar 'n droogte is?

Wat gebeur met plante en diere wanneer daar 'n droogte is?

Wat dink jy sal gebeur as daar 'n droogte is waar Liki woon?

## Ons skryf

Wees kreatief en skryf 'n gedig oor 'n omgewingsprobleem in jou gemeenskap.

## Ons skryf

Rangskik hierdie woorde in die regte volgorde om sinne te vorm. Onthou om met 'n punt of vraagteken af te sluit en om hoofletters op die regte plekke te gebruik.



staan hoe Liki laat op

loop Liki kilometer skool toe vyf

dood 'n plante tydens gaan droogte

op droog en strome riviere

is wanneer verhonger kos diere daar geen nie



Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz

# Waterbesparing

Datum:

## Ons skryf

Skryf vyf wenke neer vir die besparing van water.
Gebruik hierdie woorde om jou te help.

vullis

water

moenie gebruik

op

gooi nie

as toilette

riviere

skoon

## Vir die pret

Maak 'n plakkaat om mense aan te moedig om water te bespaar. Gebruik sommige van die idees in die kassie hieronder.
Teken 'n prentjie oor waterbesparing.

Vee die grond om jou huis – moenie die stof met die tuinslang wegspuit nie.

Draai die krane toe.

Moenie die krane laat drup nie.

Stort – moenie bad nie.

Versamel reënwater vir gebruik in die tuin.



Aa Bb Cc Dd Ee Ff Gg Hh Ii Jj Kk Ll Mm

Maak jou plakkaat hier.

Teacher

Date:

Sign:



Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz

# Die wêreld, ons habitat

Datum:

## Ons praat

Kyk na die prentjie.

- Wat sien jy in die prentjie?
- Is die omgewing skoon of vuil?
- Dink jy dit is belangrik om jou omgewing skoon te hou? Sê waarom.



## Ons lees

### Baie wonderlike dinge – een plan

Ons wêreld is vol wonderlike plante en diere. Party is klein terwyl ander enorm is. Party is vaal maar ander is helder en kleurvol. Tog steun hulle almal op mekaar om te oorleef. Elke soort lewende ding het sy eie soort tuiste, wat ons 'n habitat noem. Dit kan 'n hoop ou blare wees, 'n bos of 'n rivier. Die wêreld het miljoene verskillende habitats.

In elke habitat pas die lewens van plante en diere soos 'n legkaart inmekaar, almal deel van 'n wonderlike plan. Die son gee hitte en lig. Die plante gebruik dit om hul eie kos te maak. Plante is kos vir verskillende soorte diere. Die klein diertjies is weer kos vir groter diere.

Alle lewende dinge gaan eendag dood. Hulle word opgebreek in stowwe wat die grond verryk sodat nuwe plante kan groei. Niks word vermors nie. 'n Groep diere en plante wat van mekaar afhanklik is vir lewe, word 'n ekostelsel genoem.

'n Ekostelsel moet in balans gehou word. As die balans versteur word, sal die diere en plante doodgaan.



## Ons praat

- Wat is 'n habitat?
- Praat oor die plek waar jy woon. Gebruik die volgende woorde: water, lug, bome, rommel, plante, diere, huise.
- Waarom dink jy het mense, plante en diere mekaar nodig?
- Wat is die verskil tussen 'n lewende ding en 'n nielewende ding?



## Ons skryf

Wat beteken die **vetgedrukte** woorde?
Kies die beste woord of woorde uit die lys aan die regterkant en skryf dit in die oop blokkie.
Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **steun op** | vertrou | afhanklik van | benodig | word versorg |
| **oorleef** | gaan voort | lewe | beur | sterf |
| **habitat** | tuiste | nes | huis | woonplek |
| **voedingstowwe** | voedsel | lekker | lemoene | kos |
| **ekostelsel** | omgewing | rekenaar | dier | plant |

# Saamleef met die natuur

Datum:

## Ons praat

- Wat is 'n legkaart?
- Waarom is die omgewing soos 'n legkaart?
- Wat het plante nodig om hul eie kos te maak?
- Wat gebeur met lewende dinge wanneer hulle doodgaan?
- Wat dink jy gebeur met nielewende dinge, soos plastiek, wanneer ons dit weggooi?

## Ons skryf

Vul die ontbrekende woorde in die sinne hieronder in.
Gebruik hierdie woorde om jou te help.

gee | gooi | woon | tuin | eet | het | spit | plant

Die omgewing waarin ek _____, is belangrik. Ek _____ tamaties, aartappels en kool. Ek _____ twee bome in my _____ wat in die somer skaduwee _____ . Ek _____ al die groenteblare wat ek nie kan _____ nie op die komposhoop. Wanneer die kompos gereed is, _____ ek dit in die grond in sodat die grond altyd gesond kan wees.

## Ons skryf

Vul **dit** of **hulle** in.





Plante en diere bestaan saam. _____ vorm deel van die ekostelsel.

Diere se habitat is _____ woonplek.

Die natuur is belangrik. _____ voorsien ons van kos en ander lewensmiddele.

_____ is belangrik om water te bespaar. Ons het dit vir baie dinge nodig.



## Ons skryf

Kies die regte woord en skryf die korrekte sin in die kassie.

Verlede week het ons afval in ons klaskamer optel/opgetel.

Toe het ons seker gemaak/maak dat ons speelgrond ook skoon was/is.

Ons het al die vullis uitgesoek/gesoek en dit in drie hopies pak/gepak.

Ons wil/wou graag ook die strate skoonmaak/gemaak want 'n skoon omgewing was/is belangrik vir ons gesondheid.

Ons het dit gekry/reggekry om geld vir ons skool in te samel/ingesamel.



Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz

# 'n Gesonde omgewing

Datum:

## Ons lees

Lees die dialoog en beantwoord die vrae.




## Ons skryf

Wat sê Rachel is ons omgewing?

Waarom is dit belangrik om ons omgewing skoon te hou?

Watter drie dinge doen mense wat sleg is vir die omgewing?

Rachel sê ons besoedel die lug. Hoe dink jy doen ons dit?



## Ons skryf

Herskryf die sinne.
Begin elke sin met **gister**.

Ons gooi afval in die vullishouer.

Gister

Ons skakel die ligte af.

Gister

Ons draai die krane styf toe.

Gister

Ons plant 'n boom in ons tuin.

Gister

Ons vang reënwater op in 'n drom.

Gister

## Ons skryf

Verbind 'n woord in kolom A met 'n woord in kolom B om 'n nuwe woord te maak. Skryf die nuwe woord in die laaste kolom.

| Kolom A | Kolom B | Nuwe woord |
|---|---|---|
| ketting | ys | |
| botter | pyn | |
| tand | weer | |
| oog | saag | |
| brand | mes | |
| room | kas | |



Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz

# Beskerm ons omgewing

Datum:

## Ons praat

- Kyk na die prentjies.
- Praat oor wat jy in die prentjies sien.
- Waarom dink jy is daar meer afval in stede as op plattelandse dorpe?
- Wat gebeur met ons omgewing wanneer ons dinge weggooi in plaas daarvan om dit weer te gebruik?
- Kyk weer na die prentjies.
  Watter omgewing dink jy is die gesondste om in te woon?





## Ons praat

- Praat oor die dinge wat die omgewing beskadig.

## Ons skryf

Skryf sinne met die woorde wat ons vir jou gee.

omgewing

plante

water

bome

diere



## Ons skryf

Skryf twee paragrawe. Skryf in die eerste paragraaf oor die dinge wat mense nie in die omgewing behoort te doen nie. Skryf in die tweede paragraaf oor die dinge wat ons kan doen om ons omgewing te beskerm.

### Wat ons nie behoort te doen nie

### Wat ons behoort te doen om ons omgewing te beskerm



## Vir die pret

Hoe sal hierdie patrone lyk as jy 'n spieël langs hulle sit?
Voltooi die spieëlbeelde.

***Voorbeeld:***









Teacher

Date:

Sign:





Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz

# 'n Opruimingsprojek

Datum:

Ons lees

## Bongi en haar maats ruim op

Agtien van ons het 'n omgewingsklub by die skool in Steenberg in die Wes-Kaap begin. Ons doel is om mense te laat besef watter skade hulle die aarde berokken. Ons het gedink dit kan mense dalk laat ophou rommel strooi.



Die eerste projek wat ons aangepak het, was om ons klaskamer skoon te maak. Daarna is ons speelgrond toe en het ons daar deeglik opgeruim. Ons het ook die omringende strate en 'n nabygeleë stuk veld skoongemaak.



Toe het ons 'n herwinningsprogram begin. Leerders wat aan die program deelneem, bring gebruikte artikels skool toe. Dit sluit goed soos papier, plastiek, blik en glas in. Ons verkoop dan hierdie goed aan maatskappye wat dit kan verwerk sodat dit weer gebruik kan word.



Dit word herwinning genoem. Herwinning is 'n goeie manier om geld vir ons skool in te samel. Ons hoop dat wanneer die mense sien wat ons doen, hulle sal ophou rommel strooi en Steenberg sal skoon hou.



## Ons praat

- Wat is 'n omgewingsklub?
- Wat is 'n herwinningsprogram?
- Waarom is dit belangrik om goed te herwin?
- Watter soort goed dink jy kan jy herwin?

## Ons skryf

Merk in die kolom of die sin waar of onwaar is. As dit onwaar is, skryf die regte antwoord in die spasie onder die sin.

| | Waar | Onwaar |
|---|---|---|
| Dit is sleg om 'n komposhoop te hê. | | |
| Die herwinning van plastiek, blikkies en glas is goed vir die omgewing. | | |
| Sestien mense het die omgewingsklub begin. | | |
| Hulle het net blikke en glas herwin. | | |
| Daar is gewoonlik meer afval in stede as op plattelandse dorpe. | | |

Ons skryf

# Herwinning

Datum:






Waar het die kinders van Steenberg met hul omgewingsklub begin?

Wat was die doel van hulle klub? Omkring die regte letter.

a) Om soveel afval moontlik bymekaar te maak.

b) Om die afval in hulle skool weg te gooi.

c) Om mense te laat besef hoe belangrik dit is om die omgewing skoon te hou.

Wat was hul eerste projek?

Hoe het hulle geld vir hul skool ingesamel?



Ons skryf

Voeg woorde uit elke kolom saam om goeie sinne te maak. Skryf die sinne in die spasies op die volgende bladsy.



| | | |
|---|---|---|
| 1. Agtien kinders | was om mense bewus te maak | vir herwinning gekoop |
| 2. Hulle | het by die skool | met 'n omgewingsklub begin. |
| 3. Maatskappye | het | van die belangrikheid van die planeet aarde. |
| 4. Hulle doel | het die hergesirkuleerde goed | geld vir hul skool ingesamel en hul omgewing skoongemaak. |



| |
|---|
| 1. |
| 2. |
| 3. |
| 4. |



**Ons skryf** Omkring die woorde wat met die eerste woord rym.



| **rommel** | rammel | drommel | kaboem | trommel |
|---|---|---|---|---|
| **skoon** | woon | tuin | toon | room |
| **gedink** | getjank | rinkink | flink | gedenk |
| **glas** | bas | vlas | glips | vaas |
| **vuil** | heil | huil | byl | muil |



**Ons skryf** Vul **maar**, **omdat** of **want** in om hierdie sinne te verbind.





Die straat waarin ek woon, ruik sleg _____ daar lê 'n klomp vullis.

Ek woon op 'n pragtige plek _____ daar lê 'n klomp plastieksakke in die veld.

Limpopo is 'n skoon provinsie _____ mense hulle vullis in vullisdromme gooi.



Die kinders wat hulle skool opgeruim het, was baie moeg _____ hulle was baie trots.

# Hoe om afval te herwin

Datum:

## Ons doen

Onthou jy nog wat herwinning beteken?
Dit beteken om iets nuttigs te maak van iets wat ons gewoonlik weggooi.

Kom ons kyk wat ons met ou plastiekbottels en blikke kan doen wat ons gewoonlik weggooi.

**Jy sal die volgende nodig hê:**

- 'n spyker en 'n groot klip
- klippies
- 'n skêr
- pakkies kruie- of groentesaad

1 Versamel 'n paar leë plastiekbottels, margarienbakkies en blikke.



2 Sny die boonste deel van die plastiekbottels af. (Vra vir pappa of 'n ander grootmens om jou met die skêr te help.)



3 Kap met die spyker en groot klip gaatjies in die bodem van elke houer.



4 Gooi klippies onder in die houers.



5 Maak die houers vol grond.



6 Druk die sade in die grond.




7 Gooi die sade twee keer per week nat.



8 Sit die houers op 'n sonnige plek.



Wat is die eerste ding wat jy moet doen wanneer jy sade plant?

Ons skryf

Wat moet jy onder in die houer sit voor jy dit vol grond maak?

Hoe dikwels behoort jy die sade nat te gooi?

Jy behoort die sade op 'n sonnige plek te sit. Sê hoekom.

Ons skryf

Beplan 'n groot opruiming vir jou skool.
Vul die dinge wat jy gaan doen op die geheuekaart in.






**Opruiming van ons skool**

**Wie sal betrokke wees?**

**Hoe gaan ek adverteer?**

**Watter areas moet skoongemaak word?**

**Wat doen ons met die afval?**

**Wat kan herwin word?**



Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz



# Ruim ons skool op

Datum:



Ons skryf

Gebruik die geheuekaart wat jy in die vorige les geteken het. Skryf nou jou plan in die ruimtes hieronder maar gebruik volledige sinne.





Wie gaan betrokke wees?

Hoe gaan jy adverteer sodat ander kinders by die klub sal aansluit?

Watter areas moet skoongemaak word?

Wat doen ons met die afval?

Wat kan herwin word?



## Ons skryf

Maak ses nuwe woorde van die letters in hierdie woord.

**Rommelstrooier**

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| | | |

## Ons skryf

Skryf vyf reëls vir rommelstrooiers by jou skool. Gebruik die volgende woorde om jou te help.

**verskillende sakke**

**speelgrond** **boete van R5** **omgewing** **gebruik** **papier**

**moenie rommel strooi nie** **gebruik vullisblikke** **blik** **glas** **klaskamer**

### Ons skoolreëls vir rommelstrooiers!

1. _____
2. _____
3. _____
4. _____
5. _____

## Ons skryf




Maak 'n plakkaat vir jou skool se rommelstrooiers. Hier is 'n voorbeeld vir jou. Moenie dit na-aap nie. Gebruik dit om jou eie idees uit te dink.

Teacher

Date:

Sign:



Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz

# My woordeboek



A a



B b



C c



D d



# My woordeboek



E e



F f



G g



H h





Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz

# My woordeboek



I

i



J

j



K

k



L

l

# My woordeboek



M m



N n



O o



P p



# My woordeboek



Q q



R r



S s



T t



# My woordeboek



U u



V v



W w



X x



# My woordeboek

Y y

Z z







# Tangramdieretuin

Sny die vorms op die stippellyne uit en probeer dan om soveel diere as wat jy kan te maak. Ons het bir jou voorbeelde gegee.







# Tangramvorms

Gebruik die tangramvorms om soveel ander vorms te maak as wat jy kan.
























glue here
glue here
glue here
glue here


glue here
glue here
glue here
glue here